


**Wes-Kaapse
Regering**

Onderwys

Jaarverslag 2011/2012
Onderwysdepartement

Mnr. Donald Grant
Minister van Onderwys

Die jaarverslag van die *Wes-Kaap Onderwysdepartement* vir die tydperk 1 April 2011 tot 31 Maart 2012 word volgens opdrag ingedien.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'PA Vinjevold', is centered on the page. The signature is written in a cursive, slightly slanted style.

PA Vinjevold
31 Augustus 2012

ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 05
2011/12 JAARVERSLAG

1. Algemene Inligting

| | |
|--|---|
| Visie, missie en waardes..... | 1 |
| Organisatoriese struktuur | 1 |
| Wetgewende mandaat | 2 |
| Entiteite wat aan die Minister verslag doen | 2 |
| Minister se verklaring | 2 |
| Oorsig van die rekeningpligtige beampte/rekenmeester | 4 |

2. Inligting rakende voorafbepaalde doelwitte

| | |
|---|----|
| 2.1 Geheelprestasie/Algehele prestasie..... | 6 |
| 2.1.1 Bewilligde/Begrote fondse..... | 6 |
| 2.1.2 Oogmerk van die begrotingspos..... | 6 |
| 2.1.3 Strategiese Prestasie/Resultaat/Uitkomste-georiënteerde Doelwitte | 6 |
| 2.1.4 Oorsig oor die diensleweringssomstandighede van 2011/12..... | 7 |
| 2.1.5 Oorsig oor die organisatoriese omstandighede van 2011/12..... | 8 |
| 2.1.6 Sleutel-beleidontwikkeling en wetgewende veranderinge/gewysigde onderwyswette | 10 |
| 2.1.7 Departementele inkomste..... | 12 |
| 2.1.8 Departementele uitgawes..... | 12 |
| 2.1.9 Oordragbetalings..... | 13 |
| 2.1.10 Voorwaardelike toekennings en geoormerkte fondse..... | 13 |
| 2.1.11 Kapitaalbelegging-, instandhouding- en batebestuurplan..... | 20 |
| 2.2 Programprestasie | 24 |
| Program 1: Administrasie | 26 |
| Program 2: Onderwys in openbare skole | 37 |
| Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole | 62 |
| Program 4: Onderwys vir openbare spesiale skole | 67 |
| Program 5: Verdere onderwys en opleiding | 73 |
| Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes | 79 |
| Program 7: Vroeëkindontwikkeling | 85 |
| Program 8: Hulp- en verwante dienste | 91 |

| | | |
|-----------|---|------------|
| 3. | Jaarlikse Finansiële Opgawe/Finansiële Jaarstaat/opgawe | 95 |
| | Verslag deur die ouditkomitee | 96 |
| | Verslag deur die rekeningpligtige beampte | 99 |
| | Verslag deur die ouditeur-generaal | 110 |
| | Begrotingstaat | 118 |
| | Aantekeninge by aanwendingsverslag/begrotingstaat | 128 |
| | Staat/Opgawe van finansiële prestasie | 130 |
| | Staat/Opgawe van finansiële posisie/stand | 131 |
| | Staat/Opgawe van veranderde netto bates | 132 |
| | Kontantvloeiopgawe/staat | 133 |
| | Staat/Opgawe van rekenkundige beleid | 134 |
| | Aantekeninge by die finansiële jaarstaat | 142 |
| | Aantekeninge by/rakende openbaarmaking van die finansiële jaarstaat | 151 |
| | Bylaes (geouditeerde aanvullende skedules) | 167 |
| 4. | Menslike Hulpbronbestuur | 175 |
| 5. | Verdere Inligting | |
| | Organogram | 208 |
| | Aksieplan 2014 | 211 |
| | Lys met kontakbesonderhede | 213 |
| | Nasionale programprestasiemaatreëls - definisies | 214 |
| | Woordelys | 220 |

Part 1 – Algemene Inligting

Visie

Die skep van geleenthere vir almal deur die verbetering van onderwysuitkomste.

Hieraan word daar deur drie oorkoepelende doelwitte uitdrukking gegee:

1. Verbetering van gelettertheid en syfervaardigheid in primêre skole
2. Verbetering ten opsigte van die aantal in en kwaliteit van die slaagsyfer in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Vermindering van die aantal onderpresterende skole

Missie

Die voorsiening van kwaliteitonderwys vir alle leerders in die provinsie deur:

- Oorkoepelende beplanning van die onderwysstelsel sowel as die bestuur daarvan
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning vir onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) en openbare VOO-kolleges
- Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleenthere vir beide onderwysers en nie-onderwysers
- Geteikende voedingsprogram, ander lenigingsmaatreëls vir armoede en veiligheidsmaatreëls
- Ondersteuning van onderwysers deur basiese diensvoorwaardes, aansporingsbonusse en 'n werknemerwelstandprogram

Waardes

- Die leerder is van primêre belang
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Handves van Menseregte
- Nastreef van uitnemendheid deur die voorsiening van en die ondersteuning van 'n goedgegeruste, positiewe en groeiende onderwyskorps/mag wat beide professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid van administratiewe en ondersteuningsraamwerk

Organisatoriese Struktuur

Aan die hoof van die Wes-Kaap Onderwysdepartement staan die Superintendent-generaal. Daar is vier vertakkings met 'n Adjunk-direkteur-generaal aan die hoof van elk. Die vertakkings is: Onderwysbeplanning; Kurrikulum- en Assesseringsbestuur; Institusionele Ontwikkeling en Koördinerende en Korporatiewe Dienste. Sien Organogram in Bylae A.

Wetgewende Mandaat

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)
Die Grondwet van die Wes-Kaapprovinsie, 1998 (Wet 1 van 1998)
Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)
Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996)
Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)
Wet op Verdere Onderwys en Opleidingskolleges, 1998 (Wet 16 van 2006)
Die Wet op Gehalteverbetering van Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)
Wet op Indiensneming van Onderwysers, 1998 (Wet 76 van 1998)
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)
Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)
Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste
Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)
Suid-Afrikaanse Skolewet, 1995 (Wet 58 van 1995)
Die Wet op Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad (31 van 2000)
Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000)

Entiteite wat aan die Minister verslag doen

Geen

Minister se Verklaring

Die visie van die Wes-Kaap Regering is die uitbreiding van lewensgeleenthede vir leerders in die provinsie deur, onder andere, die verbetering van onderwysuitkomste.

Om hierdie visie te verwerklik, het ons 'n strategiese plan vir onderwys in 2009 ontwerp en bekend gestel vir die periode 2010-2019 wat hierdie Regering verbind aan:

- die verbetering van leerderprestasie in geletterdheid en syfervaardigheid in die provinsie se primêre skole;
- die verbetering van die aantal en die kwaliteit in die slaagsyfer van die Nasionale Senior Sertifikaateksamen; en
- die vermindering van die aantal onderpresterende skole (d.i. skole met 'n Graad 12-slaagsyfer van minder as 60%) in die provinsie.

Hierdie plan is gebaseer op 'n volgehoue, doelgerigte en sistematiese benadering tot die verbetering van onderwysuitkomste.

In die tydperk 2010-2014, sal die plan die grondslag lê vir behoorlike verbetering in leerderprestasie in die daaropvolgende tydperk van 2014-2019 wanneer die leerders die geleentheid gaan hê om opvoeding te ontvang binne 'n stelsel wat ontwerp en bestuur is om die mikpunt te bereik.

Sedert die aanvaarding van hierdie plan, het ons beduidende vordering gemaak met die vaslê van die grondslag wat nodig is vir die verbetering van onderwysuitkomste in die Wes-Kaap. Ons is tevrede met 'n positiewe tendens in die prestasie van openbare gewone skole in die provinsie spesifiek ten opsigte van resultate wat oor die afgelope twee jaar in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen behaal is. Daar is egter ook 'n verbetering in ander belangrike aanwysers, soos bv. 'n verhoogde retensiesyfer.

Dis die gevolg van 'n volwasse provinsiale onderwysstelsel wat positief reageer op 'n aantal volhoubare verbeteringe. Dit toon dat samewerking tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en ons skole jaarliks vorder ten opsigte van die verbetering in die onderwyskwaliteit van die Wes-Kaap.

In finansiële jaar 2011/2012, het ons die voorsiening van ondersteuning en hulpmiddele aan skole in armer gemeenskappe sowel as die Funderingsfase geprioritiseer.

Dit het die ongekende uitrol van meer as 2 miljoen handboeke en leesboeke vir leerders in Graad 1, 2, 3 en 10 beteken bo en behalwe die wat volgens nasionale norme van handboekvoorsiening verwag word. Hierdie regering glo vas dat handboeke 'n noodsaaklike onderwys hulpmiddel is by die ontwikkeling van lees-, skryf- en taalvaardighede.

In 2011, het ons ook die Department se stelselmatige geletterdheid- en syfervaardigheidstoetsing van leerders in Graad 3, 6 en 9 uitgebrei. 'n Ontleding van 2011 se Nasionale Senior Sertifikaat en geletterdheid- en syfervaardigheidstoetsresultate het ons gehelp met die opstel van nuwe mikpunte vir verbetering sowel as met die verfyning van ons strategie vir die skooljaar 2012.

Om vir ons leerders die beste moontlike leeromgewing daar te stel, het ons in 2010 onderneem om 45 nuwe permanente skoolstrukture oor 'n periode van drie jaar te bou (insluitende nuwe skole en fasiliteite om sodoende skole wat met onvanpaste/onaanvaarbare materiaal gebou is, te vervang).

Tot op datum, het ons 23 nuwe skole voltooi en 8 skole wat met onvanpaste materiaal gebou was, vervang. In 2012, verwag ons dat 3 nuwe en 13 vervangingskole voltooi sal word. Met die voltooiing van hierdie skole, sal die Wes-Kaapse Regering daarin geslaag het om 26 nuwe skole ('n addisionele 30,000 leerders geakkommodeer) en 21 vervangingskole (27,000 leerders geakkommodeer) in die provinsie te bou in die voorafbeplande periode van drie jaar. Dit oortref die oorspronklike mikpunt.

Die Wes-Kaapse Regering het hulle verbind daartoe om die meerderheid van hulle hulpbronne toe te wy aan die verbetering van onderwysuitkomste in die skole wat die land se armste gemeenskappe bedien en te verseker dat die mees kwesbare leerders alle moontlike geleenthede sal kry om kwaliteitonderwys te ontvang. Die armer 60% van ons skoolbevolking kry sodoende 'n groter toewysing/toekenning/befondsing vir belangrike aanwysers soos norme en standaarde, skoolvoeding, nuwe infrastruktuur en leerdervoer. In hierdie verband, is ons verheug om te kan berig dat daar sedert 2009 beduidende vordering gemaak is ten opsigte van die vermindering van die aantal onderpresterende skole. Die aantal onderpresterende openbare hoërskole het verminder van 78 in 2010 tot 30 in 2011.

Vir die volgende twee jaar sien ons uit daarna om die kwaliteit wat begin is om vasgelê te word in die onderwysstelsel van die provinsie te verdiep deur - oor tyd - die kwaliteit van onderrig sowel as leierskap in en bestuur van skole te verbeter deur gefokusde ontwikkelingsgeleenthede te voorsien en verbeterde aanspreeklikheidsmaatreëls in te stel. Ons sien ook uit daarna om toegang tot tegnologie in ons skole uit te brei en om onderrig- en leerpraktyke te verbeter.

In alles wat ons doen, wil ons voortgaan daarmee om leerders eerste te plaas en te verseker dat onderwysers soos gewaardeerde professionele persone behandel word.

Elke besluitneming rakende onderwys in die Wes-Kaap word uitendelik gedoen in die lig van ons visie om ons leerders se kans in die lewe deur verbeterde onderwysuitkomste te verbeter/bevorder.

Donald Grant
Wes-Kaapse Minister van Onderwys

Rekeningpligtige Beampte se Oorsig

Die WKOD se oorkoepelende doelwit is om meer kinders vir so lank as moontlik in inrigtings waar hulle kwaliteitonderwys ontvang, te hou. Vir 2011/12 het ons baie bevredigende vooruitgang gemaak ten opsigte van hierdie doelwit.

Die eerste teken van hierdie vooruitgang was die toename in aantal inskrywings in openbare gewone skole, onafhanklike skole en private spesiale skole in 2012. Gedurende hierdie periode was daar ook 'n beduidende toename in die aantal inskrywings van jong kinders in die Wes-Kaapse Graad R-klasse. Verder was daar 'n groei in die inskrywings vir die Nasionale Sertifikaat (Beroeps) in VOO-kolleges en vir eksamens by Volwasse Onderwysentrums in die provinsie. Die grootste toename is aangeteken vir openbare gewone skole met 'n toename van meer as 4 000 in 2012 in vergelyking met 2011 se aantal inskrywings.

Die groei in getalle en die stappe wat geneem is om kwaliteit te verbeter is in die Jaarverslag omskryf. Program 2 omskryf die vordering in openbare gewone skole; Program 3 omskryf die onafhanklike skole; Program 4 hanteer die spesiale skole en die nuwe inklusiewe benadering wat die WKOD aanvaar het vir die erkenning en ondersteuning van al ons kinders. Programme 5 en 6 omskryf die werk wat gedoen is gedurende die jaar in VOO-kolleges en Volwasse Onderwysentrums, respektiewelik. Ten slotte word die WKOD se ondersteuning van en ingrypings in Graad R in Program 7 uiteengesit.

In elkeen van hierdie programme het die WKOD die dubbele uitdaging gehad van meer leerders akkommodeer tesame met die verbetering van onderwyskwaliteit vir elke leerder of student. Die pogings om kwaliteit te verbeter, word in Programme 1 tot 8 omskryf.

Ter opsomming, ons werk om die leerervaring van ons kinders te verbeter, het gefokus op die toewysing van finansiële en menslike hulpbronne daar waar dit die nodigste is en waar die grootste impak gemaak sal kan word.

Om dit te kan bereik, het ons die versameling en verwerking/gebruik van data verbeter. Die akkuraatheid van die Sentrale Onderwysbestuur-inligtingstelsel (SOBIS) se data is verbeter en gebruik vir die toekenning van onderwys en nie-onderwys poste, bestel van handboeke, voorsiening van werkboeke, Jaarlikse Nasionale Assessering van toetse vir Graad 3, 6 en 9.

Gedetailleerde analise van die toetse van Grade 3, 6 en 9 en van die Nasionale Senior Sertifikaat het ons gehelp om ons ondersteuning van onderwysers en skoolhoofde te differensieer en te fokus. Datavasleggers is aangestel om Graad R-inligting te verifieer en VOO-kolleges het ook gereelde en gedetailleerde inligting voorsien as deel van die opvolg van die voorwaardelike toekenning.

Die data het die WKOD voorberei om betyds en akkuraat toekennings van poste aan skole te kon doen. Hierdie stap tesame met gesamentlike pogings om die aantal oortollige onderwysers en gevalle onder die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Siekteaftrede (BOVSA) te verminder sowel as die toename in die aantal vakaturelyste het gelei tot 'n meer billike/gelyke ontplooiing van ons belangrikste en duurste bate – ons onderwysers. Die data het ook 'n meer akkurate en toepaslike spandering van geallokeerde fondse bevorder.

Ons het ook besondere aandag geskenk aan die opleiding, werwing, seleksie en aanstelling van skoolhoofde. Meer as 200 aspirant- en bestaande skoolhoofde het beurse ontvang om 'n formele Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (GSO) wat deur universiteite in die Wes-Kaap aangebied word, by te woon. Die WKOD het ook informele kursusse vir skoolhoofde, adjunk-hoofde en departementshoofde aangebied.

Alle onderwysers vir die Grondslag/Funderingsfase en Graad 10 het opleiding bygewoon vir Kurrikulum- en Asseseringsbeleidverklarings (KABV) wat vir hierdie grade in 2012 ingestel is. 'n Groot aantal primêre-skoolonderwysers het ook gespesialiseerde opleiding in geletterdheid en syfervaardigheid by die Kaapse Onderwys- en Leerinstituut bygewoon. Daar was 'n verskeidenheid opleidingskursusse oor gespesialiseerde onderwerpe.

Die WKOD het aansienlike hulpbronne aangewend om te verseker dat alle kinders handboeke, werkboeke en leesboeke gekry het. Handboekretensie en –herwinning het spesiale aandag geniet, maar daar sal nog heelwat werk gedoen moet word om te verseker dat hierdie waardevolle leerhulpmiddel daaglik deur kinders gebruik sal word.

Die WKOD het die aantal nuwe klaskamers en skole in die provinsie onderhou en die kwaliteit van sommige bestaande skoolgeboue verbeter.

Ten slotte, die WKOD het toegang tot gemeenskapsondersteuning vir kinders verhoog: die aantal wat voordeel trek uit die Nasionale Skoolvoedingsprogram, geen skoolfooi skole, HIV/VIGS-opleiding, vervoer en skoolbeveiligingsprogramme. Tesame met die Departement van Kuns, Kultuur en Sport is na-skoolse ondersteuning aan 180 skole voorsien.

Die kombinasie van die die bostaande het gelei tot klein, maar belangrike tekens van verbetering in onderwyskwaliteit. In die meerderheid van toetse en eksamens wat ekstern hanteer is, het die getal leerders wat geslaag het verhoog in vergelyking met vorige jare en daar was ook verbetering in die kwaliteit van slaging. Die WKOD is egter begaan oor die kwaliteit van Graad R-onderwys, die slaagsyfer in Graad 1 en 9 en die aantal wat wiskunde en wetenskap neem en wat dit slaag in Graad 10 tot 12.

Hierdie aangeleenthede sal gekonsentreerde aandag in die volgende finansiële jaar ontvang./Daar sal doelbewus aan hierdie aangeleenthede/sake aandag geskenk word in die volgende finansiële jaar.

Deel 2 – Inligting oor voorafbepaalde doelwitte

2.1. Geheelprestasie

2.1.1. Begrote/Bewilligde fondse

| Hoofbegroting | Aangesuiwerde Begroting | Werklike Bedrag Bestee | Onderbesteding |
|----------------------------------|---|------------------------|----------------|
| R13,331,843,000 | R13,377,152,000 | R13,361,153,000 | R15,999,000 |
| Verantwoordelike Minister | Provinsiale Minister van Onderwys | | |
| Beherende Departement | Departement van Onderwys | | |
| Rekeningpligtige Beampte | Hoof van Departement, Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) (Superintendent-Generaal van Onderwys) | | |

2.1.2. Oogmerk van die Begrotingspos

Die voorsiening van kwaliteitonderwys vir alle leerders in die provinsie deur:

- Oorkoepelende beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) in openbare VOO-kolleges
- Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers en nie-onderwysers
- Geteikende voedingsprogram, ander lenigingsmaatreëls vir armoede en veiligheidsmaatreëls
- Ondersteuning van onderwysers deur basiese diensvoorwaardes, aanspingsbonusse en 'n werknemerwelstandprogram

2.1.3. Strategic Outcome Oriented Goals

| Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1 | Verbetering van Geletterdheid en Syfervaardigheid in Primêre Skole ¹ |
|--|---|
| Doelverklaring | Prestasie in Geletterdheid en Syfervaardigheid moet verbeter sodat: 40% van die leerders in Graad 3 in Taal volgens ouderdomsnorm sal presteer teen 2014 en 60% volgens ouderdomsnorm sal presteer vir Wiskunde 40% van die leerders in Graad 6 in Taal sal presteer volgens ouderdomsnorm teen 2014 en 50% volgens ouderdomsnorm sal presteer vir Wiskunde 55% van die leerders in Graad 9 in Taal sal presteer volgens ouderdomsnorm teen 2014 en 20% volgens ouderdomsnorm sal presteer vir Wiskunde Uitslae sal dopgehou/opgevolg word met behulp van jaarlikse toetsing en ooreenstemmende ingrypings om sodoende aangepas te kan word |

¹ Daarop te let dat die mikpunte vir Geletterdheid in Graad 3 en 6, volgens die doelverklaring van die Strategiese Plan (2010 – 2014), aangepas is in ooreenstemming met die strenger standaard wat amptelik toegepas is in die WKOD-toetse van 2011. Die aanvanklike mikpunte vir Graad 9 is vasgestel sonder 'n amptelike maatstaf en word nou bepaal/voorsien gebaseer op die 2 jaar se loodstoetsing.

| | |
|---|---|
| Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 2 | Verbetering van aantal in en kwaliteit van slaagsyfer in die Nasionale Senior Sertifikaat² |
| Doelverklaring | Om die slaagsyfer vir die NSS te verbeter deur die voorsiening van handboeke, onderwyseropleidingsprogramme, bestuur en ondersteuning. Die mikpunte vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS moet slaag waarvan 17 500 toegang sal kan kry tot baccalaureusgrade; 11 000 moet Wiskunde en 8 000 Natuur- en Skeikunde slaag |

| | |
|---|--|
| Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3 | Vermindering van die aantal onderpresterende skole |
| Doelverklaring | Uitskakeling van onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: d.i. geen skool met 'n slaagsyfer van <60% teen 2014. Uitskakeling van onderprestasie in ander grade soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir graad 3, 6 en 9. |

2.1.4. Oorsig oor die diensleweringomstandighede vir 2011/12

Die Provinsiale Strategiese Doelwit 2 is in November 2009 gepubliseer. Die dokument verklaar dat die Wes-Kaapse Regering die lewensgeleenthede vir alle kinders wil verbeter deur die voorsiening van kwaliteit in onderwys. Met hierdie doel voor oë moet kinders so lank as moontlik in die skool kan bly om die optimale resultate/prestasie te behaal. *Meer spesifiek, die fokus in die periode 2010 tot 2019 sal wees op die verbetering van die lees-, skryf- en rekenvermoëns van leerders. Die periode 2010 – 2014 sal die grondslag lê vir hierdie verbetering. In die periode 2014-2019 sal die provinsie se kinders die voordeel kan trek van 'n stelsel wat ontwerp en bestuur is om volgens mikpunte te presteer.*

Daar word algemeen erken dat die grootste uitdaging in die basiese onderwyssektor die verbetering van die kwaliteit van onderrig en leer in skole is. Verskeie internasionale toetse het getoon dat Suid-Afrikaanse leerders ver onder leerders van ander lande, wat minder per leerder spandeer en wat dergelike, of erger, uitdagings ten opsigte van armoede die hoof moet bied, presteer. Die onderstaande tabel voorsien sleutelstatistieke aangaande syfervaardigheid en wiskunde.

| | <i>Gemiddelde uitslae vir Wiskunde in Graad 6 volgens die internasionale SACMEQ³-program (2007)</i> | <i>% van Graad 3-leerders met ten minste 'gedeeltelik behaal' in die ANA-syfervaardigheidstoetse van 2011</i> | <i>% van Graad 6-leerders met ten minste 'gedeeltelik behaal' in die ANA-wiskundetoetse van 2011</i> | <i>Slaagsyfer in Graad 12-wiskunde (2010)</i> | <i>Slaagsyfer vir Graad 12-wiskunde as 'n % van die ouderdomsgroep van 18 in die bevolking</i> |
|----|--|---|--|---|--|
| OK | 470 | 49 | 29 | 37 | 9 |
| VS | 493 | 29 | 26 | 48 | 10 |
| GP | 545 | 38 | 47 | 60 | 17 |
| KN | 485 | 38 | 36 | 48 | 16 |
| LP | 448 | 19 | 20 | 40 | 16 |
| MP | 477 | 17 | 17 | 41 | 14 |
| NK | 499 | 22 | 27 | 52 | 10 |
| NW | 503 | 19 | 18 | 53 | 12 |
| WK | 566 | 51 | 55 | 66 | 16 |
| SA | 495 | 34 | 31 | 47 | 14 |

Bronne: 2007 SACMEQ-data; amptelike 2011 ANA-verslag; amptelike 2010 Nasionale Senior Sertifikaatverslag. Let op: Ter wille van die statistieke in die laaste kolom is die grootte van die 18-jarige bevolkingsgroep soos bereken deur die Departement van Basiese Onderwys geneem met 'n aanpassing om toe te laat vir sekere ongerymdhede tussen inskrywings en bevolkingstatistiek

² Let daarop dat die mikpunte vir die slaagsyfer vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde soos in die Doelverklaring van die Strategiese Plan (2010-2014) aangepas is om ooreen te stem met inskrywingstendense/patrone beide provinsiaal en nasionaal in hierdie opsig.

³ Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality. Uitslae is so saamgestel dat hulle 'n gemiddeld van 500 tussen die leerders van die deelnemende lande moet lewer/ produseer/tot gevolg hê.

2011/12 was oor die algemeen 'n stabiele arbeidsperiode. Dit het die WKOD toegelaat om op die kernaangeleentheid, naamlik die verbetering van onderwysuitkomste, te fokus. Alle hulpbronne, menslik en finansiële, en alle ingrypings was gemik op die skole met die grootste behoefte aan ondersteuning.

Geweld, misdaad en sosioekonomiese toestande stel steeds sekere eise aan skole, skoling en die WKOD.

Die bogemiddelde grootte van die kindergroep (ingeskryf vir Graad 1 na die beleidsverandering van 2004) wat vanuit die primêre skool na die hoërskool toe oorgegaan het in 2011 sowel as die groep leerders wat nuut in die provinsie was en ingeskryf het in 2012, het akkommoderings- en voorsieningsdruk op die stelsel geplaas.

2.1.5. Oorsig oor die organisatoriese omstandighede van 2011/12

Die WKOD bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, die provinsiale hoofkantoor, agt distrikskantore en openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes en VKO-terreine. Die vaartbelyning van die organisatoriese struktuur is in 2011 voltooi.

Die organisasie beoog om die volgende te voorsien

- Beampptes wat sorgsaam, kundig en georganiseerd is om skole, onderwysers en leerders by te staan
- Onderwysers wat teenwoordig en voorbereid is en handboeke gebruik
- Fondse wat aangewend word om maksimum sukses te behaal
- Voldoende en veilige skole
- 'n Omgewing wat vennote in onderwys in staat stel om tot gehalte-onderwys by te dra: onderwysvakbonde,
- Skoolbestuursliggame, private sektor, Nie-regeringsorganisasies, onafhanklike skole, Inrigtings en Kolleges vir Hoër Onderwys.


WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

| | |
|--|------------------------------|
| Leerders | |
| Leerders in Openbare Gewone Skole Graad 1 – 12 inklusief | 923 224 |
| Leerders in Graad R in Openbare Gewone Skole | 50 495 + 1 215 (Pre-Graad-R) |
| Leerders in Graad R by Onafhanklike Plekke | 20 087 |
| Leerders in Skole vir Spesiale Behoeftes | 18 878 |
| Leerders in Onafhanklike Skole | 40 098 |
| Studente aan VOO-kolleges (per kop) | 40 403 |
| Volwasse leerders | 36 582 |
| Totaal | 1 130 982 |
| Onderwysers | |
| Onderwysers | 31 831 |
| Personeel van openbare dienste (goedgekeurde instelling) | 8 479 |
| Inrigtings | |
| Openbare gewone skole | 1 453 |
| Skole vir leerders met spesiale behoeftes | 74 |
| Verdere onderwys- en opleidingsinrigtings | 6 (43 terreine) |
| Volwasse gemeenskapsleersentrums | 287 |
| Distrikskantore | 8 |

Huidige inrigtings (Alle openbare gewone skole) (31 Maart 2012)

Bron 2011: Jaarlikse Opname van skole pre-graad-R tot matriek); PERSAL: 2012

Die agt onderwysdistrikte is in 49 kringe verdeel wat regstreeks ondersteuning aan skole lewer. Die kringspanne is spanne met veelvuldige funksies waarby kurrikulumadviseurs, professionele persone wat spesiale onderwysdiens lewer (sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuningsadviseurs) en institusionele bestuur en regeringsadviseurs betrokke is. Kringspanbestuurders lei hierdie ondersteuningspanne. (Onderwysdistrikte van die WKOD. Gekombineerde Skole; Intermediêre Skole; Pre-primêre Skole; Primêre Skole; Sekondêre Skole)



| Openbare gewone skole en Leerders per Onderwysdistrik en –kring (2011) | | | | | | | | | | |
|--|----------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|---------|
| Distrik | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Total |
| Kaapse Wynland | Skole | 40 | 35 | 33 | 38 | 30 | 30 | 33 | 36 | 275 |
| | Leerders | 25 336 | 25 485 | 22 048 | 13 137 | 14 649 | 22 679 | 10 054 | 10 120 | 143 508 |
| Eden en Sentrale Karoo | Skole | 33 | 32 | 24 | 32 | 38 | 38 | 28 | | 225 |
| | Leerders | 9 039 | 23 114 | 23 559 | 19 219 | 12 685 | 14 556 | 14 304 | | 116 476 |
| Metro Sentraal | Skole | 33 | 44 | 36 | 36 | 30 | 33 | | | 212 |
| | Leerders | 20 759 | 21 989 | 22 162 | 23 369 | 20 669 | 23 401 | | | 132 349 |
| Metro Oos | Skole | 24 | 21 | 25 | 22 | 20 | 25 | | | 137 |
| | Leerders | 24 898 | 25 545 | 25 071 | 23 132 | 21 947 | 28 177 | | | 148 770 |
| Metro Noord | Skole | 28 | 26 | 27 | 26 | 33 | 31 | 31 | | 202 |
| | Leerders | 25 281 | 19 156 | 31 045 | 23 898 | 22 940 | 21 260 | 32 164 | | 175 744 |
| Metro Suid | Skole | 34 | 34 | 28 | 16 | 17 | 30 | 29 | | 188 |
| | Leerders | 26 569 | 21 137 | 17 855 | 12 788 | 18 630 | 33 360 | 28 813 | | 159 152 |
| Overberg | Skole | 28 | 29 | 25 | | | | | | 82 |
| | Leerders | 10 524 | 18 817 | 10 528 | | | | | | 39 869 |
| Weskus | Skole | 25 | 26 | 22 | 26 | 31 | | | | 130 |
| | Leerders | 14 129 | 9 841 | 16 704 | 7 734 | 10 658 | | | | 59 066 |

Die Jaarlike Skoolopname van 2011 het 1451 skole gehad. 9 skole het gesluit op 31 Desember 2011 (Buffelsvlei, Buffelsnek, Matjiesrivier, Herbertsdale, Oakhurst, Soutrivier Moslem, Robbeneiland, St. Louis, Eendekuil) en 11 skole het geopen op 1 Januarie 2012 (Beaufort-Wes Primêr, Disa Primêr, Blue Downs Primêr, Northpine Hoër Tegnies, Rouxville Primêr, Fisantekraal Hoër, Abedare Nommer2 Primêr, Delft Hoër Tegnies, Louwville Hoër, Citrusdal Sekondêr, Melkbos Hoër). Alle skole voorsien data aan die nasionale opvolgsisteem. Dus, 1451-9(gesluit Desember 2011) +11 (geopen Januarie 2012) =1453.

2.1.6. Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderings

a. Skole

Die *Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette, 15 van 2011*, is op 19 September 2011 uitgevaardig. Die doel van die Wet was om aspekte rakende die skep van die Departement van Basiese Onderwys en verwante sake te akkommodeer. Dit wysig die Nasionale Onderwysbeleidswet (NOBW/WNOB) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW/WSAS); die Wet op Indiensneming van Onderwysers No. 76 van 1998; die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad No 31 van 2000 en die Wet op Algemene en Verdere Onderwys- en Opleidingsgehalteversekering No. 58 van 2001. Die Wet voorsien nou vir verskeie tipe spesiale skole, addisionele funksies van skoolhoofde en opleiding van beheerliggame deur 'n beheerliggaamvereniging.

Die Departement van Basiese Onderwys vervang die *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing* van 1 April 2011. Die wysigings hanteer die voorsiening van operasionele fondse aan geen-fooi-skole (Paragraaf 138A) en kompensasie vir skoolfooi-vrystellings vir skole wat fooie moet betaal (Paragraaf 170A). 'n Latere wysiging laat die Jaarlikse Nasionale Assessering in openbare skole vir Graad 3 en 6 toe vir die meet van leerderprestasie in die onafhanklike skole wat in aanmerking kom vir subsidie vanaf 2012.

Die *Nasionale Norme en Standaarde vir Graad R-befondsing* (Januarie 2008) lê klem op die behoefte aan die opbou van kapasiteit en baken 'n duidelike diensleweringraamwerk af waarbinne skole moet opereer. Die WKOD het die registrasie van sentrums/spesiale plekke vir onafhanklike skole in 'n gemeenskap volgens hierdie raamwerk geïnisieer.

Die *Nasionale Beleid vir Billike Voorsiening van 'n Skoolomgewing wat die geleentheid gee vir Liggaamlike Onderrig en Studie* is op 11 Junie 2010 (Vol 540 No 33283) uitgevaardig. In die geheel, is die beleid daarop gemik om die voorsiening van skoolinfrastruktuur te reguleer en te formaliseer en om riglyne te voorsien wat gemik is op die billike/gelyke voorsiening van 'n bemagtigende liggaamlike onderrig- en leeromgewing vir alle leerders in Suid-Afrika. Dit omskryf die rolle en verantwoordelikhede van alle rolspelers en verduidelik aanspreeklikheid in die voorsiening van 'n skoolinfrastruktuur. Die WKOD het sy eie riglyne rakende hierdie aangeleentheid ontwikkel.

In 2010/11, is 'n Infrastruktuurplan ontwikkel in terme van die regulasies van *Die Wet op Onroerende Batebestuur van die Regering (WOBR)* (Wet No 19 van 2007). Die Infrastruktuurplan wat vantevore gebruik is in terme van stipulasies van die Nasionale Tesourie is vervang deur die Gebruiker-Batebestuurplan (GBBP), soos gestipuleer in die Nasionale Departement van Openbare Werke.

Die *Beleid oor Leerderbywoning* is vanaf 1 Januarie 2011 in alle openbare skole geïmplementeer. Die doel van hierdie beleid is om (a) nougesette en gereelde bywoning van openbare skole te bevorder; en (b) openbare skole en provinsiale onderwysdepartemente van standaardprosedures te voorsien om leerderbywoning aan te teken, te beheer en te monitor.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is verfyn en herverpak in die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring* (KABC). Hierdie verklaring bepaal die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, Leer- en Onderrighulpmiddels (LOOM) en die assesseringsgewig en voorskrifte vir elke vak. Die voordeel hiervan is dat alle vereistes in een dokument vervat is. Die KABV is in die Grondslagfase en Graad 10 in 2012 geïmplementeer en sal in die Intermediêre Fase en Graad 11 in 2013 geïmplementeer word en in die Senior Fase en Graad 12 in 2014.

Op 1 April 2010 het verdere wysigings aan die *Kinderwet* (Wet No. 38 van 2005) in werking getree. In terme van Seksie 196 (3) van die *Kinderwet*, raak die industriële en verbeteringskole wat huidiglik die verantwoordelikheid van 'n provinsiale Onderwysdepartement is, die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Sosiale Ontwikkeling binne twee jaar na die aanvang van die relevante hoofstuk in die Wet. Dit impliseer dat industriële en verbeteringskole in Suid-Afrika teen die einde van Maart 2012 na die Departement van Sosiale Ontwikkeling oorgeplaas moet word.

b. VOO-kolleges

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) is in Mei 2009 in die lewe geroep met die doel dat dit uiteindelik verantwoordelik sal wees vir hoër onderwysinrigtings, VOO-kolleges, SOOOs en Onderwys en Onderrig vir Volwassenes (OOV). Met die daarstelling van die DHOO, raak die VOO-kolleges en volwasse onderrig 'n nasionale bevoegdheid. Die DHOO en die provinsiale onderwysdepartemente het 'n ooreenkomsprotokol onderteken met betrekking tot die oordrag en interimbestuur van die kolleges.

Die Ontwerp-Konstitusionele-Wysiging vir die oordrag van die VOO-kolleges vanaf provinsiale na 'n nasionale bevoegdheid is vroeg in September 2011 afgekondig. Die DHOO het die provinsies uitgenooi om provinsiale tegniese taakspanne te konstitueer om die oordrag van funksies na 'n nasionale bevoegdheid te bestuur.

Die Wysigingswetsontwerp *op Hoër Onderwys en Opleiding* is op 7 Desember 2010 gepubliseer. Dit het die wysiging van die Wet op VOO-kolleges van 2006 en die Wet op Basiese Volwasse Onderwys en Opleiding, 2000, ten doel om sodoende: sekere definisies te wysig; voorsiening te maak vir die aanstelling van onderwysers in openbare sentrums deur die daarstelling van voorsiening aangaande werkgewers van onderwysers, salarisse en ander diensvoorwaardes van onderwysers, die onderwysinstelling, magte van werkgewers, aanstellings en die vul van poste, die verplasing van onderwysers, die sekondering van onderwysers, die aftrede van onderwysers, die afdanking van onderwysers, onvermoë en wangedrag en die werkverrigting van onderwysers op ander vlakke; om voorsiening te maak vir oordragreëlings rakende openbare sentrums; voorsiening te maak vir die beëindiging van nasionale beleid vir openbare sentrums, vir rigtinggewende beginsels rakende nasionale onderwysbeleid, vir konsultasie oor beleid en wetgewing, vir die publikasie van nasionale onderwysbeleid en vir die monitering en evaluering van volwasse onderwys en opleiding; en om die kwaliteit van die kwalifikasies wat deur die openbare en private sentrums gebied word, te verseker.

Die *Wysigingswetsontwerp op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 2011* (Gazette No. 34222) is op 27 Julie 2011 ter tafel gelê as 'n seksie van wet 76. Dit is nou deur die President onderteken as Wet. Die geheeleeffek is die wysiging van die Wet op VOO-kolleges van 2006 om sodoende " alle verwysings na provinsiale gesag te verwyder; om funksies wat vantevore toegewys was aan die Lid van die Uitvoerende Raad met die Minister te vervang; om alle verwysings na Departementshoof te vervang met Direkteur-generaal; om te voorkom dat 'n lid van die Raad of 'n personeellid besigheid kan bedryf, direk of indirek, met die betrokke VOOR wat 'n botsing van belange sal beteken met die betrokke VOOR; om oordragmaatreëls te voorsien aangaande openbare diensposte, personeel, dissiplinêre maatreëls; en beleidmaking deur die Lid van die Uitvoerende Komitee onder die Wet op Hoofde of enige provinsiale wet wat nodig is vir die effektiewe beheer, bestuur en befondsing van openbare VOOs".

Aan die begin van 2011, het VOO-kolleges die gesag ontvang om weer Verslag 191-programme in te stel vir ingenieursverwante ambagte op vlak N1-N3 en om weer Verslag 191-programme in te stel op vlak N4-N6. Die inskrywingsgetalle vir hierdie programme het gevolglik 'n toename getoon.

Die *Norme en Standaard vir die befondsing van VOO-kolleges* is vanaf 1 April 2010 geïmplementeer. Die norme en standaard is gebaseer op die onkoste verbode aan die voorsiening van die Nasionale Sertifikaat: Beroepsprogramme. Die befondsingsformule het drie komponente, naamlik personeel; kapitaal en *nie-personeel/nie-kapitaal*. Die fondsoordraging na VOO-kolleges geskied maandeliks in die vorm van voorwaardelike toelaes/toekennings.

2.1.7. Departementele inkomste

Die onderstaande tabel bied 'n opsomming van die inkomste wat die Departement in, wat bestaan uit administrasiegelde (vordering van versekeringspremies), gelde vir reprografiese dienste, terugbetalings ten opsigte van vorige jare en finansiële transaksies met laste en bates.

| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % afwyking van teiken |
|--|--------------------|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|-----------------------|
| | 2008/09 Werklik | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik | |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | |
| Verkope van goedere en dienste behalwe kapitaalbate | 8,297 | 9,127 | 11,193 | 10,466 | 12,611 | 20.5% |
| Boetes, strafgeld en rougeld | 382 | 383 | 511 | 228 | 560 | 145.6% |
| Rente, dividende en huur op grond | 1,227 | 1,394 | 324 | 1,998 | 1,081 | -45.9% |
| Verkope van kapitaalbate (Kapitaalinkomste) | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Finansiële transaksies (Verhaling van lenings en voorskotte) | 12,639 | 15,543 | 10,206 | 11,333 | 19,666 | 73.5% |
| Totale departementele ontvangstes | 22,545 | 26,747 | 22,234 | 24,025 | 33,918 | 41.2% |

2.1.8. Departementele uitgawes

Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die uitgawe per Program gedurende die afgelope 2 jaar. Die Departement het 99.9% van sy toegekende begroting in 2011/12 bestee.

| Programme | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik | % afwyking van teiken |
|--|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|-----------------------|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | |
| 1. Administrasie | 489,163 | 497,574 | 532,038 | 532,038 | 0% |
| 2. Onderwys in openbare gewone skole | 8,619,954 | 9,721,049 | 10,906,432 | 10,896,316 | 0.1% |
| 3. Onafhanklike skole se subsidies | 55,522 | 59,696 | 64,188 | 63,554 | 1 % |
| 4. Onderwys in openbare spesiale skole | 634,604 | 727,646 | 791,341 | 791,341 | 0% |
| 5. Verdere onderwys en opleiding | 368,917 | 446,971 | 534,671 | 534,659 | 0% |
| 6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes | 29,479 | 32,152 | 33,098 | 33,098 | 0% |
| 7. Vroeëkindontwikkeling | 288,620 | 345,895 | 380,796 | 378,061 | 0.7% |
| 8. Hulp- en verwante dienste | 127,054 | 124,760 | 134,588 | 132,086 | 1.9% |
| Totaal | 10,613,313 | 11,955,743 | 13,377,152 | 13,361,153 | 0.1% |

2.1.9. Oordragbetalings

Soos op die onderstaande tabel aangedui, het die departement 99.9% van die begrotingsbedrag aan sy inrigtings oorgedra. Die meerderheid van die fondse word bereken ingevolge die Norme en Standaarde vir die befondsing van die onderskeie inrigtings.

Tabel: Opsomming van Oordragbetalings vir 2011/12 (R'000)

| Programme | 2009/10 Actual | 2010/11 Actual | 2011/12 Target | 2011/12 Actual | % deviation from target |
|--|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|----------------------------|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | |
| Openbare gewone skole | 604,506 | 602,685 | 608,267 | 608,223 | 0% |
| Onafhanklike skole | 55,522 | 59,696 | 64,188 | 63,554 | 1% |
| Skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefes | 115,014 | 119,552 | 128,346 | 128,346 | 0% |
| Kolleges vir verdere onderwys en opleiding | 163,969 | 165,042 | 243,928 | 243,928 | 0% |
| BOOV: Private sentrums | 22,578 | 24,987 | 27,248 | 27,248 | 0% |
| VKO: Graad R: openbare skole | 89,441 | 150,753 | 126,080 | 126,080 | 0% |
| VKO: Graad R: gemeenskapsentrums | 45,732 | 45,287 | 46,838 | 46,838 | 0% |
| Totaal | 1,096,762 | 1,168,002 | 1,244,895 | 1,244,217 | 0.1% |

2.1.10 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse

Tabel: Opsomming van voorwaardelike toekennings vir 2011/12 (R'000)

| Voorwaardelike toekenning | Aangesuiwerde begroting 2011/12 | Oorgedra van 2010/11 | Totale toewysing 2011/12 | Totale Oordragte ontvang | Werklike uitgawes 2011/12 | % afwyking van teiken |
|--|---------------------------------------|----------------------------|--------------------------------|--------------------------------|---------------------------------|-----------------------------|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | |
| HIV en VIGS (Onderwys Lewensvaardighede) | 16,388 | 0 | 16,388 | 16,388 | 14,088 | 14.0% |
| Nasionale Skoolvoedings- program (NSVP) | 227,433 | 3,473 | 230,906 | 230,906 | 230,041 | 0.4% |
| Kollegesektor vir Verdere Onderwys en Opleiding | 534,671 | 0 | 534,671 | 534,671 | 534,659 | 0% |
| Onderwysinfrastruktuur- toekenning | 385,039 | 0 | 385,039 | 385,039 | 385,039 | 0% |
| Toekenning vir Provinsiale Infrastruktuur | 8,619 | 0 | 8,619 | 8,619 | 8,610 | 0.1% |
| Dinaledi Skole | 6,720 | 0 | 6,720 | 6,720 | 6,684 | 0.5% |
| Toekenning aan Provinsies vir Programaansporing van Sosiale Sektor Uitgebreide Openbare Werke | 5,675 | 0 | 8,070 | 8,070 | 8,066 | 0% |

Aan al die vereistes van die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2011, in verband met bogenoemde voorwaardelike toekennings is voldoen:

- Al die oordragte wat ontvang is, is in die departement se bankrekening gedeponeer;
- Al die fondse is ooreenkomstig die sakeplanne bestee;
- Aan al die voorwaardes van die voorwaardelike toekennings, soos uiteengesit in die goegekeurde Sakeplanne, is voldoen.

| TOEKENNING | AANWYSER (volgens nasionale teks verwoord) | TEIKEN | WERKLIK | BESPREKING VAN AFWYKING |
|---------------------------------|--|--|--|---|
| HIV/VIGS (Lewensvaardighede) | Voorspraak Bewusmaking van HIV se risikofaktore - skool en publiek | 1 524 skole (noodhulpstelle aan alle skole gelewer) | 1 524 skole (noodhulpstelle aan alle skole gelewer) | Teiken bereik |
| | Opleiding en Ontwikkeling Werkswinkels vir onderwysers en skoolhoofde vir die ontwikkeling van kapasiteit en vaardighede: Integrasie van seksuele reprodktiewe gesondheid en HIV-programme in die skoolkurrikulum | 1 020 | 1 122 | Teiken bereik |
| | Ko-kurrikulêr Portuuronderwys Sekondêre Skole: Verskaf 'n program met kwaliteit vir kurrikulumgebaseerde voorkoming en skoolgebaseerde lewensvaardighede (portuuronderwys) in geselekteerde sekondêre skole. Werkswinkels vir meesteropleiers van portuuronderwys deur NPOs te implementeer/gebruik Jeugkonferensie om seksuele reprodktiewe gesondheid, HIV, HBT, tienerswangerskap, verhoudings en positiewe leefstylkeuses aan te spreek Ondersteuning vir die opleiding van onderwysers om Soul Buddyz Clubs in primêre skole te bestuur en ondersteun Kamp vir Graad Soul Buddyz | 123 skole 34 meesteropleiers 1 jeugkonferensie per distrik 50 onderwysers 100 leerders/ 5 onderwysers | 123 skole 34 meesteropleiers 1 jeugkonferensie per distrik 49 onderwysers 100 leerders/ 5 onderwysers | Teiken bereik Teiken bereik Teiken bereik Teiken bereik |
| | Sorg en Ondersteuning: Werkswinkels vir leerders wat fokus op HIV/VIGS, tienerswangerskap, dwelmmisbruik en HBT Oordrag van fondse aan geselekteerde skole om wese en ander kwesbare leerders te ondersteun | 800 hoërisikoleerders 200 skole | 873 leerders 561 skole | Teiken bereik Versoek van skole om bestaande siekeboek op te gradeer vir leerderondersteuning en vir die gebruik van die skoolverpleegkundige vir gesondheidsifting in samewerking met die Departement van Gesondheid. |

| TOEKENNING | AANWYSER (volgens nasionale teks verwoord) | TEIKEN | WERKLIK | BESPREKING VAN AFWYKING |
|--|---|--|---|--|
| | <p>LOOM: HIV/VIGS-LOOM geskik vir spesifieke ouderdomme</p> <p>Ontwikkeling en verspreiding van LOOM vir alle skole</p> <p>Addisionele hulpbronne vir lewensvaardighede in klaskamers en skoolbiblioteek</p> | <p>571 Skole Q1-3 slegs primêre skole (graad 1-7)</p> <p>501 hoërskole geteiken (graad 8-9) 1 091 primêre skole</p> <p>365 hoërskole</p> | <p>571 Skole Q1-3 slegs primêre skole</p> <p>501 schools 1 091 primêre skole</p> <p>365 hoërskole</p> | <p>Teiken bereik</p> <p>Teiken bereik</p> <p>Teiken bereik</p> |
| | <p>Monitering en Ondersteuning Gereelde indiening van moniteringsverslae om die effektiwiteit van kurrikulêre ingrypingsprogramme deur skool- en distriksbesoeke te evalueer</p> | 256 skole | 75 skole | Hierdie teiken kon nie bereik word nie weens 'n verskeidenheid personeelbeperkings |
| Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) | Verbeterde skoolbywoning | 415 829 (1 000 skole) | 426 707 (1 015 skole) | Die vermeerdering is veroorsaak deur die feit dat vanaf April 2011 alle Q1 – Q3 skole verplig was om die hele skool te voed volgens DORA- vereistes. |
| | Aantal leerders in Q1 – Q3 Primêre skole Aantal leerders in Q1 – Q3 Sekondêre skole Aantal leerders in Q4 – Q5 Primêre en Sekondêre skole | 263 501 (598 skole) 87 859 (88 skole) 64 469 (316 skole) | 269 244 (598 skole – sluit in 39 Skole vir Spesiale Behoeftes) 94 157 (106 skole) 63 306 (311 skole) | Die totale aantal leerders in primêre skole het toegeneem, maar die aantal skole het verminder omdat skole saamgesmelt het of gesluit is. Die aantal hoërskoolleerders het vermeerder as gevolg van voeding vir die hele skool in Q1 – Q3 skole. |
| | Die instelling van skooltuine om die etes wat voorsien word, aan te vul | 325 tuine in totaal | 346 tuine in totaal | 21 nuwe tuine is gedurende die jaar ontwikkel. Voorspraak moedig skole aan om eie inisiatief te neem of om vennootskappe aan te gaan. |
| | Skole voorsien van kombuistoerusting | Voorsien slegs op versoek | 285 Primêre skole, 35 Spesiale skole en 85 Sekondêre skole is voorsien van kombuistoerusting | Q1 – Q3 skole het voorrang geniet met die voorsiening van kombuistoerusting. |

| TOEKENNING | AANWYSER (volgens nasionale teks verwoord) | TEIKEN | WERKLIK | BESPREKING VAN AFWYKING |
|--|--|--------------------|---------------------------|---|
| | Vrywillige voedselhanteerders is gewerf deur skole om te help met die voorbereiding en bedien van die kos. | 2 425 vrywilligers | 2 757 vrywilligers | Die aantal vrywilligers het toegeneem in ooreenstemming met die toename in leerders. |
| | Werkswinkels in voedselvoorbereiding, gasveiligheid en higiëne is gehou om vrywilligers te bemagtig | 240 | 263 | Die teiken is oorskry soos nuwe vrywilligers gewerf is as gevolg van die toename in die aantal leerders wat gevoed moes word |
| Sektor vir Verdere Opvoeding- en Opleidingskolleges | Inskrywing vir programme vir NS (B) soos uiteengeset in die teikenbeplanning vir kollege-inskrywing | 13 752 | 13 772 | Kolleges het inskrywingsteiken bereik. |
| | Inskrywings in Verslag 191-programme in lyn met die Verslag 191 | 9 144 | 7 629 | Teiken nie bereik nie omdat die voorspraak- en inskrywingsprogram beïnvloed is deur die datum vir die herinstelling van N-programme |
| | Uitbreiding van IKT vir onderrig en leer deur gebruik te maak van konnektiwiteitsnorme | 17 LAN & WAN | 37 LAN & WAN geïnstalleer | Teiken oorskry wees toename in aanvraag vir konnektiwiteit |
| | Gaan voort met die implementering van BIS (MIS) vir die lewering van transversale BIS-dienste | 0 | 0 | Geen provinsiale teiken is vir hierdie aanwyser gestel nie, maar kolleges gaan voort met die infasering van Inligtingstegnologiesistelsels. |
| | Implementering van die Befondsingsnorme vir VOO-kolleges | R527 117 000 | R534 659 259 | Die aangepaste begroting het addisionele befondsing vir Vergoeding van Werknemers (CoE) ingesluit |
| | Opknapping, onderhoud en herstel van infrastruktuur en toerusting vir ondersteuning in die lewering van goedgekeurde programme | 325 klaskamers | 749 klaskamers | Kolleges het teiken oorskry in die akkommodasie van toename in studentegetalle vir beroepsgerigte programme |
| | Nuwe infrastruktuur | R0 | R0 | Die voorwaardelike toekenning het nie voorsiening hiervoor gemaak in 2011/12 nie |

| TOEKENNING | AANWYSER (volgens nasionale teks verwoord) | TEIKEN | WERKLIK | BESPREKING VAN AFWYKING |
|---|--|---|---|---|
| ▶ PPM207: Aantal openbare gewone skole sonder sanitasiegeriewe |
| ▶ PPM208: Aantal klaskamers in openbare gewone skole |
| ▶ PPM209: Aantal spesialisvertreke om in openbare gewone skole gebou te word (alle kamers behalwe klaskamers – sluit in laboratoriums, voorraadkamers, siekeboeg, kombuis, ens) |
| ▶ PPM210: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is |
| ▶ PPM211: Aantal voldiens-skole ⁴ |
| ▶ PPM212: Aantal skole minstens eenkeer per kwartaal deur ‘n kringbestuurder besoek |

Programbeleidsontwikkelings tydens 2011/12

Norme en standaarde vir skoolbefondsing

Die Departement van Basiese Onderwys het die *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing* gewysig vanaf 1 April 2011.

Die wysigings handel oor die verskaffing van bedryfsfondse aan „geen-skoolgeld“-skole (Artikel 138A) en oor vergoeding vir geldkwytsteldings aan skole waar skoolgeld betaal word (Artikel 170A).

‘n Later wysiging maak voorsiening dat die Jaarlikse Nasionale Assesserings vir Graad 3 en 6 in openbare skole gebruik word om leerderprestasie van daardie onafhanklike skole wat vir subsidies in aanmerking kom vanaf 2012, te meet.

Die NKV vir Graad R – 12:

Staatskoerant (32836 no.1227 van 29 Desember 2009) het aangedui dat leerderportefeuljes en algemene take vir assessering (Graad 9 ATAs) onmiddellik gestaak word en die aantal opdragte per vak te verminder.

Die Departement van Basiese Onderwys het die konsep van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (KABV) in Maart 2011 voltooi. Die Nasionale Kurrikulumverklarings is verfyn en herverpak in die KABV wat onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer- en onderrigondersteuningsmateriaal wat nodig is en die assesseringsgewigte en –voorskrifte omskrywe. Dit het die addisionele voordeel dat alle vereistes in een dokument saamgevat is. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10, in 2013 in die Intermediêre fase (Graad 4 – 6) en Senior fase (Graad 7 – 9) asook Graad 11 in werking gestel, en in 2014 in Graad 12.

Hersiening van die WKOD se beleid oor die sluiting van openbare skole

Die konsep-beleid bied ‘n raamwerk wat die sluiting van openbare skole sal bespoedig. Hierdie beleid sal die prosesse beskryf wat sal bydra om groter, beter toegeruste skole in die Wes-Kaapse Provinsie te verseker. Wysigings aan die bestaande beleid is voltooi.

⁴ Dit verwys na die aantal skole wat in die betrokke jaar gevestig moet word

Die Wet op die Regering se Onroerende Batebestuur (WROBB) - Infrastruktuurbeplanning.

Vanaf 2010/11 is infrastruktuurplanne opgestel ingevolge die regulasies van die Wet. Die infrastruktuurplan wat tevore gebruik is, ingevolge bepalings van die Nasionale Tesourie, word vervang deur die Gebruikerbatebestuursplan (G-BBP), soos bepaal deur die Nasionale Departement van Openbare Werke.

Nasionale Beleid oor 'n Billike Voorsiening van 'n Bemagtigende Fisiese Onderrig- en Leeromgewing by Skole.

Die beleid is op 11 Junie 2010 (Staatskoerant No 33283) gepubliseer. Die algehele doel van die beleid is om die voorsiening van skoolinfrastruktuur te reguleer en te wettig, en om riglyne te gee wat ten doel het dat daar 'n billike voorsiening van „n bemagtigende fisiese onderrig- en leeromgewing by skole vir alle leerders in Suid-Afrika is. Dit dui op duidelike rolle en verantwoordelikhede van alle betrokkenes en verduidelik verantwoordbaarheid by die verskaffing van skoolinfrastruktuur. Die sleutelaspekte van die beleid is: i) die ontwikkeling van die minimum norme en standaarde vir skoolinfrastruktuur om billike verskaffing van skoolinfrastruktuur te verseker, ii) die daarstelling van nasionaal gestandaardiseerde kriteria en iii) prosedures om die ligging van fasiliteite te identifiseer en voorkeur te gee.

| ST201 | Openbare gewone skole – sleuteltendense | | | | |
|--|---|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|
| | | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| Betalings per subprogram (R'000)* | | | | | |
| 2.1 | Openbare primêre skole | 4,782,768 | 5,480,559 | 5,957,999 | 5,957,005 |
| 2.2 | Openbare sekondêre skole | 3,118,546 | 3,341,818 | 3,819,201 | 3,817,903 |
| 2.3 | Professionele dienste | 388,935 | 454,216 | 478,321 | 471,407 |
| 2.4 | Menslike hulpbronontwikkeling | 79,040 | 87,619 | 86,181 | 86,181 |
| 2.5 | Voorwaardelike toekennings | 250,665 | 356,837 | 564,730 | 563,820 |
| Totaal | | 8,619,954 | 9,721,049 | 10,906,432 | 10,896,316 |
| Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)* | | | | | |
| | Lopende betaling | 7,890,495 | 8,844,794 | 9,685,586 | 9,682,428 |
| | Vergoeding van werknemers | 7,149,825 | 7,994,876 | 8,732,150 | 8,732,150 |
| | Onderwysers | 6,502,662 | 7,234,580 | 7,924,369 | 7,924,369 |
| | Nie-onderwysers | 647,163 | 760,296 | 807,781 | 807,781 |
| | Goedere en dienste en ander lopende koste | 740,670 | 849,918 | 953,436 | 950,278 |
| | Oordragte en subsidies | 531,749 | 531,258 | 657,232 | 657,188 |
| | Betaling vir kapitaalbates | 197,710 | 344,997 | 563,614 | 556,700 |
| Totaal | | 8,619,954 | 9,721,049 | 10,906,432 | 10,896,316 |
| Prestasiestatistiek | | | | | |
| | Leerders | 913 965 | 919 936 | 920 000 | 921 776 |
| | Totale moontlike leerderdae per leerder | 198 | 198 | 200 | 198 |
| | Aantal onderwysers (in openbare diens) Primêr & Sekondêr (a) | 28 995 | 28 695 | 28 300 | 28 842 |
| | Aantal permanente onderwysers wat openbare gewone skole verlaat het (b) | 1 046 | 795 | 1 300 | 887 |
| | Afslytkoers vir permanente onderwysers (b/a) | 3.6% | 3% | 4% | 3.1% |
| | Total e moontlike werksdae per onderwyser | 200 | 200 | 204 | 202 |

| ST201 | Openbare gewone skole – sleuteltendense | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
|--|---|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|
| ► Programprestasiemaatstawwe** | | | | | |
| ► PPM201: Aantal leerders by openbare gewone skole ingeskryf | | 913 965 | 919 936 | 920 000 | 921 776 |
| ► PPM202: Aantal onderwysers in diens by openbare gewone skole | | 28 995 | 28 695 | 28 300 | 28 842 |
| ► PPM203: Aantal nie-onderwyspersoneel in diens by openbare gewone skole | | 6 709 | 6 681 | 6 678 | 6 470 |
| ► PPM204: Aantal leerders in openbare gewone skole wat by “geen-skoolgeld” -beleid baat | | 349 373 | 365 112 | 366 853 | 366 259 |
| ► PPM205: Aantal openbare gewone skole sonder watertoevoer | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| ► PPM206: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| ► PPM207: Aantal openbare gewone skole sonder sanitasiegeriewe | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| ► PPM208: Aantal klaskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word | | New PPM | 394 | 447 | 453 |
| ► PPM209: 213:Aantal gespesialiseerde vertrekke om in openbare gewone skole gebou te word (alle vertrekke behalwe klaskamers- sluit in laboratoriums, voorraadkamers, siekeboeg, kombuis, ens) | | New PPM | 95 | 504 | 328 |
| ► PPM210: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is | | 13 765 | 12 691 | 13 700 | 6 973 |
| PPM211: Aantal voldiensskole ⁵ | | 27 | 39 | 11 | 11 |
| ► PPM212: Aantal skole wat minstens eenkeer per kwartaal deur ‘n kringbestuurder besoek word | | New PPM | 1 453 | 1 456 | 1 514 |
| **Verduidelikings vir die verskille tussen teikens en werklike getalle word in die tabel hieronder gegee. | | | | | |

⁵ Dit verwys na die aantal skole wat binne die gegewe jaar gevestig moet word

| ST201 | | Openbare gewone skole – sleuteltendense | | | |
|---|---|---|----------------------------|---------------------------|----------------------------|
| Programprestasieaanwysers ** | | | | | |
| | | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| PPI 2.1. | Leerders wat in die skoolstelsel gebly het van Graad 10 – 12 | 53% (geskat) | 56.7% | 57% | 57% |
| PPI 2.2 | Persentasie leerders in Graad 3 met aanvaarbare uitkomste in geletterdheid | 53.5% (geskat) (nie getoets nie) | 54.9% | 60% | 30.4%* |
| PPI 2.3 | Persentasie leerders in Graad 3 met aanvaarbare uitkomste in syfervaardigheid | 35% (geskat) (nie getoets nie) | 48.3% | 45% | 47.2% |
| PPI 2.4 | Persentasie leerders in Graad 6 met aanvaarbare uitkomste in geletterdheid | 44% (geskat) (48.6%) | 52.3% | 50% | 31.5%* |
| PPI 2.5 | Persentasie leerders in Graad 6 met aanvaarbare uitkomste in syfervaardigheid | 14% (geskat) (17.4%) | 24.4% | 20% | 23.4% |
| PPI 2.6 | Persentasie leerders in Graad 9 met aanvaarbare uitkomste in Tale | 40% (geskat) (nie getoets nie) | 51.8% (loods) | 50% | 44.2% |
| PPI 2.7 | Persentasie leerders in Graad 9 met aanvaarbare uitkomste in Wiskunde | 35% (geskat) (nie getoets nie) | 9.4% (loods) | 42% | 10.4% |
| PPI 2.8 | Skole met 'n slaagkoers van <60% | 85 | 78 | 35 | 30 |
| PPI 2.9 | Nasionale Senior Sertifikaat - slaagkoers | 75.7% | 76.8% | 80% | 82.9% |
| PPI 2.10 | Nasionale Senior Sertifikaat - slaagsyfers | 34 017 | 35 139 | 34 400 | 33 146 |
| PPI 2.11 | % leerders wat kwalifiseer vir Baccalaureus-gradstudie | 31.88% | 31.48% | 32% | 38.1% |
| PPI 2.12 | Aantal leerders wat kwalifiseer vir Baccalaureus-gradstudie | 14 324 | 14 414 | 13 760 | 15 214 |
| PPI 2.13 | Aantal leerders wat in Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat slaag | 12 467 | 11 571 | 11 200 | 9 820 |
| PPI 2.14 | Aantal leerders wat in Natuur- en Skeikunde in die Nasionale Senior Sertifikaat slaag | 7 064 | 7 524 | 7 800 | 7 137 |
| PPI 2.15 | Aantal addisionele skole wat deur 'n alarmstelsel aan 'n gewapende responseenheid gekoppel, beveilig is, met diefwering en klipbesperming aan die vensters. | 50 | 50 | 50 | 50 |
| <p>Let op dat slegs Graad 2e in 2009/10 getoets is, maar dat die resultate eers bekend gemaak is na die publikasie van die relevante JPP (Jaarlike Prestasieplan). Die ander tellings is benaderd. In 2010 is alle grade vir die eerste keer in een jaar getoets. Die toetse vir Graad 9 is in alle skole wat Graad 9 aanbied, geloods.</p> <p>*Telling beïnvloed deur veranderinge in die toets om standaarde volgens internasionale standaarde te verhoog</p> <p>**Verduidelikings vir die verskille tussen teikens en werklike syfers word in die tabel hieronder gegee.</p> | | | | | |

| ST201 | | Openbare gewone skole - sleuteltendense | | | |
|---|--|--|----------------------------|---------------------------|----------------------------|
| Programprestasieaanwysers ** | | | | | |
| | | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| PPPI 216 Aantal leerders in openbare gewone skole wat by leerdervoer baat | | 47 753 | 48 786 | 47 000 | 50 992 |
| PPI 217 Aantal onderwysers (openbare diens) [Program 2 : Openbare primêre skole] | | 17 217 | 17 010 | 16 588 | 16 987 |
| PPI 218 Aantal nie-onderwysers (openbare diens) [Program 2 : Openbare primêre skole] | | 3 534 | 3 530 | 3 939 | 3 430 |
| PPI 219 Aantal onderwysers (openbare diens) [Program 2 : Openbare sekondêre skole] | | 10 247 | 10 079 | 9 944 | 10 209 |
| PPI 220 Aantal nie-onderwysers (openbare diens) [Program 2 : Openbare sekondêre skole] | | 2 428 | 2 423 | 2 731 | 2 337 |
| PPI 221 Onderwyserafwesigheid in openbare gewone skole as 'n % | | New PPI | New PPI | 6% | 3% |
| PPI 222 Leerderafwesigheid in openbare gewone skole as 'n % | | New PPI | New PPI | 9.9% | 4.1% |
| PPI 223 Aantal onderwysers in Graad 1-6 wat formele geletterdheid- en syfervaardigheidwerkswinkels bywoon by KOLI | | New PPI | New PPI | 950 | 2 594 |
| PPI 224 Aantal skoolbestuurspanlede by KOLI opgelei | | New PPI | New PPI | 750 | 672 |
| PPI 225 Aantal instandhoudingprojekte voltooi | | New PPI | New PPI | 158 | 304 |
| **Verduidelikings van die verskille tussen teikens en werklike getalle in die tabel hieronder. | | | | | |

| ST202 | Openbare primêre skole – sleuteltendense | | | | |
|--|--|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|
| | | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)* | | | | | |
| Lopende betaling | | 4,347,861 | 5,042,752 | 5,464,518 | 5,463,524 |
| Vergoeding van werknemers | | 4,148,094 | 4,675,110 | 5,112,583 | 5,112,583 |
| Onderwysers | | 3,774,765 | 4,254,349 | 4,652,450 | 4,652,450 |
| Nie-onderwysers | | 373,329 | 420,761 | 460,133 | 460,133 |
| Goedere en dienste en ander lopende kost | | 199,767 | 367,642 | 351,935 | 350,941 |
| Oordragte en subsidies | | 9,115 | 291,491 | 351,066 | 351,066 |
| Betalings vir kapitaalbates | | 115,792 | 146,316 | 142,415 | 142,415 |
| Totaal | | 4,782,768 | 5,480,559 | 5,957,999 | 5,957,005 |
| Prestasiestatistiek | | | | | |
| Personeel | | | | | |
| Aantal onderwysers (in openbare diens) (a) | | 17 217 | 17 010 | 16 588 | 16 987 |
| Aantal nie-onderwysers (in openbare diens) | | 3 534 | 3 530 | 3 939 | 3 430 |
| Inskrywing | | | | | |
| Leerders in openbare primêre skole (b) {sluit intermediêre skole in} | | 591 441 | 597 392 | 597 500 | 593 510 |
| LO-verhouding/ratio in openbare primêre skole (b/a) | | 34.4 | 35 | 35 | 34.9 |
| Leerders Graad 1 tot Graad 7 | | 584 034 | 578 398 | 580 000 | 586 052 |
| waarvan gestremde leerders is | | 9 516* | 9 466 | 9 500 | 3 527 |
| waarvan vroulik is | | 288 146 | 291 008 | 291 000 | 288 417 |
| Inrigtings en infrastruktuur | | | | | |
| Skole | | 1 097 | 1 094 | 1 097 | 1 090 |
| Aantal skole met Artikel 21-funksies van die SASW | | 805 | 784 | 799 | 805 |
| Aantal skole verklaar as geen-skoolgeld-skole | | 546 | 559 | 562 | 552 |

| ST202 | Openbare primêre skole – Sleuteltendense | | | |
|--|--|--------------------|-------------------|--------------------|
| | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| Aantal skole sonder watertoevoer | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Aantal skole sonder elektrisiteit | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Aantal skole sonder toilette | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Klaskamers (c) | 19 362 | 19 651 | 19 376 | 20 519 |
| Leerder/Klaskamer-verhouding (b/c) | 30.5 | 29.4 | 30 | 28.9 |
| Uitgawes op instandhouding (R'000)* | | | | |
| Uitgawes op instandhouding van skole | 28,712 | 56,076 | 72,275 | 76,1 |
| Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R" 000) | 11,407,191 | 12,581,435 | 11,616,998 | 13,728,998 |

| ST203 | Openbare sekondêre skole – Sleuteltendense | | | | |
|---|--|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|
| | | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)* | | | | | |
| Lopende betaling | | 2,880,305 | 3,139,915 | 3,496,452 | 3,495,154 |
| Vergoeding van werknemers | | 2,692,203 | 2,951,214 | 3,224,025 | 3,224,025 |
| Onderwysers | | 2,422,982 | 2,656,092 | 2,901,622 | 2,901,622 |
| Nie-onderwysers | | 269,221 | 295,122 | 322,403 | 322,403 |
| Goedere en dienste en lopende koste | | 188,102 | 188,701 | 272,427 | 271,129 |
| Oordragte en subsidies | | 173,771 | 176,642 | 247,084 | 247,084 |
| Betalings vir kapitaalbaties | | 64,470 | 25,261 | 75,665 | 75,665 |
| Totaal | | 3,118,546 | 3,341,818 | 3,819,201 | 3,817,903 |
| Prestasiestatistiek | | | | | |
| Personeel | | | | | |
| Aantal onderwysers (in openbare diens) (a) | | 10 247 | 10 079 | 9 900 | 10 209 |
| Aantal nie-onderwysers | | 2 428 | 2 423 | 2 700 | 2 337 |
| Inskrywing | | | | | |
| Leerders in openbare sekondêre skole (b) [sluit gekombineerde skole in] | | 322 524 | 322 544 | 323 000 | 328 266 |
| LO-verhouding in openbare sekondêre skole (b/a) | | 31.5 | 32 | 32 | 32 |
| Leerders in Graad 8 tot Graad 12 | | 329 931 | 329 845 | 312 000 | 335 724 |
| waarvan vroulik is | | 176 489 | 176 365 | 176 500 | 179 695 |
| Vroulikes in Graad 12 | | 26 287 | 25 751 | 25 800 | 22 913 |
| Vroulikes in Graad 12 wat Wiskunde neem | | 10 670 | 9 506 | 9 400 | 7 565 |
| Vroulikes in Graad 12 wat Natuur- en Skeikunde aanbied | | 6 815 | 6 337 | 6 400 | 5 485 |

| ST203 | Openbare sekondêre skole – Sleuteltendense | | | | |
|--|--|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|
| | | 2009/10 Werklik | 2010/11 Werklik | 2011/12 Teiken | 2011/12 Werklik |
| Inrigtings en infrastruktuur | | | | | |
| Skole | | 359 | 358 | 359 | 363 |
| Aantal skole met Artikel 21-funksies van die SASW | | 255 | 257 | 260 | 263 |
| Aantal skole verklaar as geen-skoolgeld-skole | | 107 | 116 | 116 | 115 |
| Aantal skole sonder watertoevoer | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Aantal skole sonder elektrisiteit | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Aantal skole sonder toilette | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Klaskamers (c) | | 9 387 | 9 481 | 9 479 | 9 674 |
| Leerder/Klaskamer-verhouding (b/c) | | 34.4 | 34 | 34 | 33.9 |
| Uitgawes op instandhouding (R'000)* | | | | | |
| Uitgawes op instandhouding van skole | | 46, 326 | 42,387 | 36,138 | 50,2 |
| Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R" 000) | | 5,722,268 | 6,313,900 | 6,608,781 | 4,496,780* |
| Uitsetstatistiek | | | | | |
| Aantal leerders in Graad 9 wat gestandaardiseerde toetse skryf | | 74 836 | 77 992 | 80 000 | 76 912 |
| Aantal leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst behaal het | | 53 651 | 56 791 | 58 500 | 54 832 |
| Aantal leerders wat NSS-eksamens skryf (d) | | 44 931 | 45 783 | 43 000 | 39 988 |
| Aantal leerders wat in NSS-eksamens slaag (e) | | 34 017 | 35 139 | 34 400 | 33 146 |
| Aantal leerders wat met goedkeuring slaag | | 14 324 | 14 414 | 13 800 | 15 215 |
| NSS-slaagkoers (e/d) | | 75.7% | 76.8% | 80% | 82.9% |
| Aantal NSS-kandidate wat in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde slaag | | 6 633 | 6 767 | 6 050 | 6 167 |
| Aantal skole wat NSS-eksamens skryf | | 417 | 417 | 417 | 418 |
| Aantal skole met 'n NSS-slaagkoers van minder as 40% | | 17 | 12 | 0 | 3 |
| NSS-slaagkoers van kwintiel 1-skole | | 60.2% | 57.8% | 60% | 70.3% |
| NSS-slaagkoers van kwintiel 5-skole | | 89.1% | 90.2% | 91% | 92.7% |
| *Aangepaste benadering | | | | | |

| Programprestasiemaatstawwe, Strategiese Doelwitte en Aanwysers: Besprekings oor Verskille |
|--|
| <p>► PPM201: Aantal leerders in openbare gewone skole ingeskryf</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 919 936</p> <p>Teiken: 920 000</p> <p>Werklik: 921 776</p> <p>Bespreking: Daar was 'n groter groei in inskrywings as verwag.</p> |
| <p>► PPM202: Aantal onderwysers by openbare gewone skole in diens</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 28 695</p> <p>Teiken: 28 300</p> <p>Werklik: 28 842</p> <p>Bespreking: Poste word in die vorige jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefes, groei in getalle en oortollige werknemers beïnvloed werklike getalle. Verskille kan ook toegeskryf word aan bedankings, kontrakbeëindigings, aanstellings, bevorderings en verplasinge.</p> |
| <p>► PPM203: Aantal nie-onderwyspersoneel by openbare gewone skole in diens</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 6 681</p> <p>Teiken: 6 678</p> <p>Werklik: 6 470</p> <p>Bespreking: Poste word in die vorige jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefes, groei in getalle en oortollige werknemers beïnvloed werklike getalle. Verskille kan ook toegeskryf word aan bedankings, kontrakbeëindigings, aanstellings, bevorderings en verplasinge.</p> |
| <p>► PPM204: Aantal leerders in openbare gewone skole wat by die beleid van "geen skoolgeld" baat</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 365 112</p> <p>Teiken: 366 853</p> <p>Werklik: 366 259</p> <p>Bespreking: Die aantal leerders het met 1 147 toegeneem in vergelyking met 2010 as gevolg van die toename in inskrywings in die betrokke skole. Die totale aantal begunstigdes hang af van die inskrywings in die skole wat in aanmerking kom in kwintiele 1 – 3.</p> |
| <p>► PPM205: Aantal openbare gewone skole sonder watertoevoer</p> <p>► PPM206: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit</p> <p>► PPM207: Aantal openbare gewone skole sonder sanitasiegeriewe</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 0</p> <p>Teiken: 0</p> <p>Werklik: 0</p> <p>Bespreking: Daar is geen skole wat nie watertoevoer, elektrisiteit of sanitêre geriewe het nie</p> |
| <p>PPM208: Aantal klaskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 394 (non-cumulative)</p> <p>Teiken: 447</p> <p>Werklik: 453</p> <p>Bespreking: Die teiken is met 6 oorskry.</p> |

Programprestasiemaatstawwe, Strategiese Doelwitte en Aanwysers: Besprekings oor Verskille

► PPM209: Aantal gespesialiseerde vertrekke om in openbare gewone skole te bou (alle vertrekke behalwe klaskamers – sluit in: laboratoriums, voorraadkamers, siekeboeg, kombuis, ens)

Basislyn (werklike uitset 2010/11): 95 (nie-kumulatief)

Teiken: 504

Werklik: 328

Bespreking: 10 van die ELSEN projekte kon nie voltooi word nie weens die feit dat die projekte te laat geïdentifiseer is of weens omstandighede bv., daar kon nie met die werksinkels by die Bishops Vaardigheidsskool voortgegaan word nie, omdat die Klipfontein Methodist Primary School (Primêreskool Klipfontein-Metodiste) die gebou moes gebruik terwyl hulle eie gebou besig was om opgegradeer te word en ekstra mobiele eenhede geplaas was. Dit was die situasie met 41 kamers in totaal: Atlantis Vaardigheidsskool (2); Bishops Vaardigheidsskool (4); Faure Vaardigheidsskool (6); Glenbridge (3); Van Riebeeekvallei Vaardigheidsskool (1); Agape (5); Beacon Skool vir Autisme (7); Karitas (7); Mary Harding (2); Ligstraal (4). Die teiken was vir 504 kamers, insluitende kantore, stoorkamers en kluisse, maar die definisie van gespesialiseerde kamers is verander en toe hierdie uitgesluit. Die totaal van 328 sluit nie hierdie kamers in nie.

► PPM210: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is

Basislyn (werklike uitset 2010/11): 12 691

Teiken: 13 700

Werklik: 6 973

Bespreking: Die teiken is gebaseer op die beskikbare syfer van 13 765 (2009/10). Die nuwe syfer is as 'n gevolg van 'n data-skoonmaak-aksie. Skole het wisselende en onvanpaste definisies van die spesiale behoeftes toegepas, maar hul syfers reggemaak in reaksie op navrae en vir groter duidelikheid met definisie-interpretasie.

► PPM211: Aantal voldiens-skole⁶

Basislyn (werklike uitset 2010/11): 39 (nie-kumulatief)

Teiken: 11

Werklik: 11

Bespreking: Teiken behaal. 'n Totale aantal van 119 Voldiensskole/ Inklusiewe skole is geregistreer.

► PPM212: Aantal skole wat minstens eenkeer per kwartaal deur 'n kringbestuurder besoek word

Basislyn (werklike uitset 2010/11): 1 453

Teiken: 1 456

Werklik: 1 514

Bespreking: Die opname is verhoog om die skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte te akkommodeer. Die totaal weerspieël 'n gemiddeld oor die vier kwartale. Sommige skole het aan die einde van 2011 gesluit en ander in 2012 geopen. Daar was 12 skole wat nie ten minste een keer 'n kwartaal deur 'n IBB-bestuurder besoek is nie aangesien die betrokke skole nie hierdie aandag vereis nie.

PPI 2.1. Leerders van Graad 10 – 12 wat in die skoolstelsel gebly het

Basislyn (werklike uitset 2010/11): 57%

Teiken: 57%

Werklik: 57%

Bespreking: Teiken behaal.

PPI 2.2. % leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in geletterdheid behaal

Basislyn (werklike uitset 2010/11): [54.9%] – 'n ander tipe toets gebruik

Teiken: 60%

Werklik: 30.4%

Bespreking: 'n Besluit is geneem om die vlak van kompleksiteit van die toets te verhoog om by gelykstaande internasionale toetse aan te pas ten einde skole aan te spoor om interne standaarde verder te verhoog.

⁶ Dit verwys na die aantal skole wat in die gegewe jaar gevestig moet word

| Programprestasiemaatstawwe, Strategiese Doelwitte en Aanwysers: Besprekings oor Verskille |
|---|
| <p>PPI 2.3. % leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in syfervaardigheid behaal</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 48.3%</p> <p>Teiken: 45%</p> <p>Werklik: 47.2%</p> <p>Bespreking: Die teiken is oorskry.</p> |
| <p>PPI 2.4. % leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in geletterdheid behaal</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 52.3% - 'n ander tipe toets gebruik</p> <p>Teiken: 50%</p> <p>Werklik: 31.5%</p> <p>Bespreking: 'n Besluit is geneem om die vlak van kompleksiteit van die toets te verhoog om by gelykstaande internasionale toetse aan te pas ten einde skole aan te spoor om interne standaarde verder te verhoog.</p> |
| <p>PPI 2.5. % leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in syfervaardigheid behaal</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 24.4%</p> <p>Teiken: 20%</p> <p>Werklik: 23.4%</p> <p>Bespreking: Die teiken is oorskry.</p> |
| <p>PPI 2.6. % leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in tale behaal</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 51.8% - met 'n loodstoets/aanvoortoets</p> <p>Teiken: 50%</p> <p>Werklik: 44.2%</p> <p>Bespreking: Die toets wat in 2010 gebruik is, was 'n aanvoeroefening. 2011 was die eerste jaar waarin alle skole die toets geskryf het, dus kon die proses gedefinieer word as die instelling van die basislyn.</p> |
| <p>PPI 2.7. % leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in wiskunde behaal</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 9.4% - met 'n aanvoortoets</p> <p>Teiken: 42%</p> <p>Werklik: 10.4%</p> <p>Bespreking: Die teiken is gestel voor daar enige basislyn in hierdie verband was. Die teiken vir 2012 is dienooreenkomstig aangepas.</p> |
| <p>PPI 2.8. Skole met 'n slaagkoers van <60%</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 78</p> <p>Teiken: 35</p> <p>Werklik: 30</p> <p>Bespreking: Die teiken is oorskry as gevolg van addisionele ondersteuning verskaf.</p> |
| <p>PPI 2.9. Slaagkoers van Nasionale Senior Sertifikaat</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 76.8%</p> <p>Teiken: 80%</p> <p>Werklik: 82.9%</p> <p>Bespreking: Die teiken is oorskry as gevolg van addisionele ondersteuning verskaf.</p> |
| <p>PPI 2.10. Slaagsyfer van Nasionale Senior Sertifikaat</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 35 139</p> <p>Teiken: 34 400</p> <p>Werklik: 33 146</p> <p>Bespreking: Daar was 'n klein inskrywing in Graad 12 in 2011 as 'n gevolg van lae inskrywing van daardie klas in Graad 1 weens nuwe inskrywingswetgewing. Hoewel die slaagsyfer verhoog het, het die leerdergetalle nie die teiken behaal nie.</p> |

| Programprestasiemaatstawwe, Strategiese Doelwitte en Aanwysers: Besprekings oor Verskille |
|--|
| <p>PPI 2.11. % leerders wat vir Baccalaureus-gradstudie kwalifiseer</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 31.48%</p> <p>Teiken: 32%</p> <p>Werklik: 38.1%</p> <p>Bespreking: Die teiken is oorskry as gevolg van addisionele ondersteuning verskaf.</p> |
| <p>PPI 2.12. Aantal leerders wat vir Baccalaureus-gradstudie kwalifiseer</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 14 414</p> <p>Teiken: 13 760</p> <p>Werklik: 15 214</p> <p>Bespreking: Die teiken is oorskry as gevolg van addisionele ondersteuning verskaf.</p> |
| <p>PPI 2.13. Aantal leerders wat in wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 11 571</p> <p>Teiken: 11 200</p> <p>Werklik: 9 820</p> <p>Bespreking: Die kleiner slaagsyfer vir Wiskunde as in 2010 stem ooreen met die kleiner aantal wat oor die geheel ingeskryf het. Hierdie teiken is afwaarts aangepas in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2013 omdat onvoldoende getalle vir Wiskunde ingeskryf het. Die % slaging vir Wiskunde het van 65,95% in 2010 tot 68,65% gestyg.</p> |
| <p>PPI 2.14. Aantal leerders wat Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geslaag het.</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 7 524</p> <p>Teiken: 7 800</p> <p>Werklik: 7 137</p> <p>Bespreking: Hierdie teiken is afwaarts aangepas in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2013 omdat onvoldoende getalle vir Natuur-en Skeikunde ingeskryf het. Die % slaging vir Natuur-en Skeikunde het van 59,59% in 2010 tot 65,32% gestyg.</p> |
| <p>PPI 2.15. Aantal addisionele skole wat beveilig is met 'n alarm gekoppel aan gewapende repons, diefwering, en klipbeskerming op die vensters.</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 50 (nie-kumulatief)</p> <p>Teiken: 50</p> <p>Werklik: 50</p> <p>Bespreking: Teiken behaal.</p> |
| <p>PPI 2.16. Aantal leerders in openbare gewone skole wat uit leerdervoer voordeel trek</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 48 786</p> <p>Teiken: 47 000</p> <p>Werklik: 50 992</p> <p>Discussion: Die WKOD moet op die vervoerbehoefes van leerders reageer indien hulle buite die voorgeskrewe 5-kilometer-radius vanaf die naaste skool woon.</p> |
| <p>PPI 2.17. Aantal onderwysers (in openbare diens) [Program 2: Openbare Primêre Skole]</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 17 010</p> <p>Teiken: 16 588</p> <p>Werklik: 16 987</p> <p>Bespreking: Poste word in die voorafgaande jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefes, groei in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike getal. Variasies kan ook toegeskryf word aan bedankings, kontrakbeëindigings, aanstellings, bevorderings en verplasinge.</p> |

| Programprestasiemaatstawwe, Strategiese Doelwitte en Aanwysers: Besprekings oor Verskille |
|--|
| <p>PPI 2.18. Aantal nie-onderwysers (in openbare diens) [Program 2: Openbare Primêre Skole]</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 3 530 Teiken: 3 939 Werklik: 3 430</p> <p>Bespreking: Poste word in die voorafgaande jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefes, groei in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike getal. Variasies kan ook toegeskryf word aan bedankings, kontrakbeëindigings, aanstellings, bevorderings en verplasinge.</p> |
| <p>PPI 2.19. Aantal onderwysers (in openbare diens) [Program 2: Openbare sekondêre skole]</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 10 079 Teiken: 9 944 Werklik: 10 209</p> <p>Bespreking: Poste word in die voorafgaande jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefes, groei in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike getal. Variasies kan ook toegeskryf word aan bedankings, kontrakbeëindigings, aanstellings, bevorderings en verplasinge.</p> |
| <p>PPI 2.20. Aantal nie-onderwysers (in openbare diens) [Program 2: Openbare sekondêre skole]</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): 2 423 Teiken: 2 731 Werklik: 2 337</p> <p>Bespreking: Poste word in die voorafgaande jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefes, groei in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike getal. Variasies kan ook toegeskryf word aan bedankings, kontrakbeëindigings, aanstellings, bevorderings en verplasinge.</p> |
| <p>PPI 2.21. Onderwyserafwesigheid in openbare gewone skole as 'n%</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): Nuwe maatreël Teiken: 6% Werklik: 3%</p> <p>Bespreking: Dit was die eerste jaar wat hierdie aanwyser is gebruik. 3% sal in die vervolg as die basislyn gebruik word .</p> |
| <p>PPI 2.22. Leerderafwesigheid in openbare gewone skole as 'n %</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): Nuwe maatreël Teiken: 9.9% Werklik: 4.1%</p> <p>Bespreking: Teiken is oorskry. Slegs sowat 66% van die skole het betroubare inligting oor hierdie maatreël verskaf. Stappe gedoen word om die betroubaarheid van die totaal te verbeter.</p> |
| <p>PPI 2.23. Die aantal onderwysers in Graad 1-6 wat formele opleidingswerkswinkels vir geletterdheid en syfervaardigheid by KOLI bywoon</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): Nuwe maatreël Teiken: 950 Werklik: 2 594</p> <p>Bespreking: Teiken oorskry. Aangesien die kursusse so gewild was, is besluit om die inname te verhoog.</p> |
| <p>PPI 2.24. Aantal skoolbestuurspanlede by die KOLI opgelei</p> <p>Basislyn (werklike uitset 2010/11): Nuwe maatreël Teiken: 750 Werklik: 672</p> <p>Bespreking: Teiken nie gehaal nie. Ten spyte van die bruikbaarheid van die kursusse, het skoolbestuurspanlede ook ander verpligtinge.</p> |

Programprestasiemaatstawwe, Strategiese Doelwitte en Aanwysers: Besprekings oor Verskille

PPI 2.25. Aantal instandhoudingsprojekte voltooi

Basislyn (werklike uitset 2010/11): Nuwe maatreël

Teiken: 158

Werklik: 304

Bespreking: Sommige addisionele fondse is onder die aansuiweringsbegroting aan onderhoud toegeken. 'n Aantal kleiner projekte is dus onderneem binne die beskikbare tydsraamwerke.

Bespreking**Inskrywings**

| Jaar | Gr 1 | Gr 2 | Gr 3 | Gr 4 | Gr 5 | Gr 6 | Gr 7 | Gr 8 | Gr 9 | Gr 10 | Gr 11 | Gr 12 | Totaal |
|------|---------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|---------------------|----------------------|
| 2001 | 81 790 | 62 960 | 81 832 | 94 302 | 89 254 | 83 305 | 77 778 | 82 190 | 71 966 | 67 034 | 50 206 | 39 910 | 882 527 |
| 2002 | 86 969 | 77 026 | 64 134 | 83 022 | 93 188 | 86 786 | 80 865 | 75 601 | 80 450 | 69 752 | 51 618 | 40 468 | 889 879 |
| 2003 | 86 916 | 82 454 | 75 931 | 66 033 | 82 383 | 92 341 | 84 514 | 81 154 | 73 200 | 81 739 | 51 746 | 39 644 | 898 055 |
| 2004 | 104 105 | 82 130 | 81 489 | 76 781 | 66 060 | 82 574 | 89 614 | 85 053 | 78 964 | 80 756 | 54 199 | 39 451 | 921 176 |
| 2005 | 93 515 | 94 231 | 80 695 | 80 809 | 74 984 | 66 141 | 81 953 | 88 778 | 82 169 | 81 577 | 56 657 | 39 303 | 920 812 |
| 2006 | 87 650 | 85 972 | 89 828 | 80 443 | 77 811 | 73 106 | 65 347 | 78 926 | 80 595 | 83 529 | 57 536 | 40 198 | 900 941 |
| 2007 | 92 818 | 82 562 | 83 914 | 89 973 | 78 674 | 78 021 | 72 733 | 66 406 | 80 697 | 86 495 | 61 938 | 42 624 | 916 855 |
| 2008 | 91 853 | 83 267 | 79 454 | 85 891 | 87 116 | 78 290 | 76 146 | 71 410 | 72 914 | 79 133 | 63 819 | 43 470 | 912 763 |
| 2009 | 93 601 | 82 158 | 80 385 | 83 150 | 82 382 | 85 621 | 76 262 | 75 227 | 79 795 | 68 405 | 60 812 | 45 692 | 913 490 |
| 2010 | 98 086 | 83 046 | 79 155 | 84 234 | 80 290 | 81 402 | 82 777 | 75 426 | 85 114 | 70 630 | 53 799 | 44 876 | 918 835 |
| 2011 | 100 423 | 85 216 | 79 489 | 83 490 | 80 205 | 79 022 | 78 207 | 81 312 | 84 957 | 73 470 | 56 995 | 38 990 ⁷ | 921 776 ⁸ |

Data Source: 2001– 2011: Annual Survey for Schools (Public Ordinary schools excluding LSEN unit learners).

Die tabel dui aan dat daar nie uniforme groei oor alle grade is nie. Die totale van Graad 11 en 12 toon tekens van beter retensie. Die historiese afname van getalle in Graad 11 en 12 word aangespreek deur die verhoogde aandag aan vakkeuse aan die einde van Graad 9, beter berading oor loopbaanopsies en -keuses en die verbetering van akademiese ondersteuning op hoërskoolvlak.

Die groter totale in Graad 1 en 9 dui op die groot aantal leerders wat hierdie grade herhaal. Hierdie sake geniet aandag met spesiale ingrypings om die druipeyfer te verminder. Inskrywingpatrone word beïnvloed deur die verandering, op 'n nasionale vlak, van die Graad 1-toelatingsouderdombeleid van 2000, wat skole toelaat om slegs leerders bo die ouderdom van 7 vir die eerste toelating in te skryf. Die gevolg was dat die Graad 1-inname laer as in die vorige jaar was. Toe die ouderdom-vereiste in 2004 met 'n verdere bepaling aangepas is, was daar weer verhoogde inskrywings. Die Graad 1-klas van 2004 het in 2011 hoërskool toe gegaan. Dit is verantwoordelik vir die daling in die totale registrasie by primêre skole en die toename by hoërskole. Dit dra ook by tot die verhoogde aantal Graad 9-leerders in 2012.

⁷ Let daarop dat daar 39 998 kandidate was wat die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat geskryf het. Hierdie NSS-syfer sluit die kandidate uit onafhanklike (2 349) en spesiale skole (120) in - totale wat nie in hierdie tabel weerspieël is nie. Die syfers in die tabel hierbo is afkomstig van 'n bepaalde datum en hou nie rekening met leerders wat die stelsel verlaat en daarby aansluit na daardie datum nie.

⁸ Let daarop dat hierdie totale nie die 1448 LSOB-eenheid se leerders insluit nie

Ondersteuning voorsien

Norme en standaard, Geen-skoolgeld-skole en fooi-vrystellingsprogram

Die fondse wat gebruik word om opvoedkundige uitgawes te dek, die Norme en Standaard-toekennings aan skole, is so gelaai dat daar aan skole in armer gemeenskappe meer fondse toegeken word. Hierdie bedrag het in 2011/12 as volg verhoog:

| Nasionaal | Aantal skole | 2010 bedrag in Rand per leerder | 2011 bedrag in Rand per leerder |
|---------------|--------------------------|---------------------------------|---------------------------------|
| NQ 1 | 314 | 855 | 960 |
| NQ 2 | 163 | 784 | 880 |
| NQ 3 | 190 | 784 | 880 |
| NQ 4 | 321 | 431 | 484 |
| NQ 5 | 454 | 202 | 318 |
| Totaal | 1 442⁹ | 539 (gemiddeld) | 599 (gemiddeld) |

Alle toewysings van diskresionêre befondsing, soos die geen-skoolgeld-program en die toekenning van bykomende onderwysers aan skole, is gerig daarop om historiese benadeling reg te stel en om die impak van armoede te verlig. Die geen-skoolgeld-beleid is van toepassing op nasionale kwintiele 1, 2 en 3 en het 366 259 leerders gebaat; meer as die 365 112 in 2010/11.

| Foistatus | Totale aantal skole |
|--------------------|---------------------|
| Geen fooi | 667 |
| Skoolfooi | 786 |
| Groottotaal | 1 453 |

In 2011 is 'n nuwe opsie aan skole in kwintiele 4 en 5 gegee, naamlik om aansoek te doen vir vergoeding van fooi-vrystellings vir leerders wat nie fooie kan bekostig nie. 'n Totaal van 497 skole van 'n moontlike 711 het aansoek gedoen en 'n bedrag van ongeveer R20 miljoen is uitbetaal aan hierdie skole.

Voeding

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram het 426 707 (415 829 in 2011) leerders van voedsame maaltye op 'n daaglikse basis by 1 015 (1 000 in 2011) geteikende primêre, spesiale en sekondêre skole voorsien. Werkswinkels is vir vrywillige voedselhanteerders oor voedsel- en gasveiligheid en higiëne gehou. Onderwysers, ouers en leerders is kursusse in voedselproduksie aangebied.

Toetsresultate

Graad 3, 6 en 9 Taal en Wiskunde

Vanaf 2002 - 2009 was daar provinsiale toetsing, in alternatiewe jare, van Graad 3- en 6-leerders. In 2010 het die WKOD vir die eerste keer alle Graad 3-, 6- en 9-leerders getoets om die stand van taal en wiskunde in alle skole in die provinsie te bepaal. Dit was die eerste keer dat Graad 9-leerders getoets is. In 2011 het die WKOD die vlak van die toetse verhoog, in die besonder die taaltoetse. Daar is spesifiek langer en meer komplekse tekste in die toetse ingesluit om sodoende die toetsitems in ooreenstemming te bring met items in internasionale toetse.

⁹ Nuwe skole word vanuit 'n ander bron befonds in die jaar wat hulle open
Jaarverslag 2011/12

Die resultate was as volg:

| WKOD Sistemiese/Stelselresultate Graad 3, 6 & 9 2011 | | | | | | |
|--|------------------|---------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
| Openbare Gewone Skole | | | | | | |
| | Graad 3 | | Graad 6 | | Graad 9 | |
| | Syfervaardigheid | Geletterdheid | Wiskunde | Taal | Wiskunde | Taal |
| Geskryf | 75,725 | 75,714 | 74,211 | 74,180 | 73,184 | 73,102 |
| Geslaag | 35,742 | 23,017 | 17,365 | 23,367 | 7,611 | 32,311 |
| Slaag % | 47.2 | 30.4 | 23.4 | 31.5 | 10.4 | 44.2 |
| Gemiddeld | 46.3 | 38.7 | 37.6 | 40.9 | 24.9 | 48.9 |

Tellings op hierdie toetse gee skole 'n prentjie van hulle sterk-en swakpunte. Die uitslae van die toetse help die WKOD om sy steun te versterk en om skole te help om die grondslae te lê wat nodig is om hoër vlakke van geletterdheid en syfervaardigheid te bereik.


Nasionale Senior Sertifikaat

2011 was die vierde jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat. Daar is 'n hoë mate van ondersteuning aan skole gebied sodat hulle die teikens/mikpunte wat hulle self gestel het, kon bereik. Die harde werk het bemoedigende verbetering opgelewer en die Wes-Kaap het 'n slaagsyfer van 82,9% behaal. Die aantal leerders wat geslaag het, het afgeneem, maar dit was as gevolg van 'n kleiner groep van Graad 12-leerders, weens die verandering in die toelatingsbeleid van 2000. Die slaagsyfer het met 7% oor die afgelope twee jaar toegeneem.


| WKOD Vergelykende NSS-resultate 2008 – 2011 | | | | | |
|---|---------|---------|-----------|--------------------|----------------------|
| Jaar | Geskryf | Geslaag | % Slaging | Toegang tot B. Gr. | % Toegang tot B. Gr. |
| 2008 (NSS) | 43 953 | 34 577 | 78.7 | 14 522 | 33 |
| 2009 (NSS) | 44 931 | 34 017 | 75.7 | 14 324 | 31.9 |
| 2010 (NSS) | 45 783 | 35 143 | 76.8 | 14 416 | 31.5 |
| 2011 (NSS) | 39 988 | 33 146 | 82.9 | 15 214 | 38.1 |

Ten spyte van minder kandidate wat die 2011-eksamen geskryf het, was daar 798 meer kandidate wat met toelating tot baccalaureusgraadstudie geslaag het as in 2010.

Daar was ook 'n verbeterde prestasie deur skole in die armste gemeenskappe. Die gemiddelde slaagsyfer oor die skole in kwintiele 1-3 het van 59% in 2010 tot 70% in 2011 toegeneem.



Die aantal skole met 'n slaagsyfer van minder as 60% het gedaal van 85 in 2009 en 78 in 2010 tot 30 in 2011.



Die slaagsyfer vir Wiskunde het toegeneem tot 68,7% vanaf 66% in 2010. Vir Natuur-en Skeikunde was die 2011-slaagsyfer 65,3%, wat die 2010-syfer van 59,6% met 5,7% oorskry het. Maar die getalle wat beide Wiskunde (9 820) en Fisiese Wetenskappe (7 137) geslaag het, het nie voldoen aan die gestelde doelwitte nie. Dit was omdat die algehele inskrywing vir die jaar laag was en omdat getalle vir hierdie twee vakke sak. Dit is 'n saak van kommer wat aangespreek moet word deur die Wiskunde- en Wetenskap-strategie wat in 2012 ontwikkel is.

Opleiding

Voortgesette professionele ontwikkeling van onderwysers in die WKOD, bly 'n belangrike fokus.

Onderwysers

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is verfyn en herverpak in die *Kurrikulum-en Assesseringsbeleidsverklarings* (KABV). Die KABV spesifiseer die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat nodig is en die assesseringsgewigte en voorskrifte vir elke vak. Dit het die voordeel van al die vereistes in een dokument vervat te hê. Die belangrikste veranderinge word deur die KABV teweeggebring, is dat die administratiewe las vir onderwysers verminder het en dat daar duideliker spesifikasies van vakinhoud en sterker onderrig-en assesseringsmetodes is.

In 2011 het die WKOD onderwysers in Graad 1 - 3 en in Graad 10 opgelei vir die instelling van die KABV in 2012. Dit het die vorm die driedag-opleidingsprogramme in die vakansies vir alle betrokke onderwysers. Die Graad 10-onderwysers het 'n oriënteringsprogram oor 'n Vrydag en 'n Saterdag gehad.

Die WKOD het opleidingsprogramme vir byna 8 000 onderwysers van Graad 10 - 12 gedurende die skoolvakansies gekoördineer.

In 2009 het die WKOD begin om 'n agtjaar-opleiding- en ondersteuningsplan vir die ontwikkeling van Geletterdheid en Syfervaardigheid te ondersteun/bevorder. Hierdie program, deur deskundige diensverskaffers voorsien, is vir onderwysers in Graad 1 – 6, en soos volg, aangebied:

| | |
|--|---|
| Jaar 1 (2009): eerste 250 skole | Groep 1 (125 schools) <i>Syfervaardigheidopleiding</i> in Junievakansie Groep 2 (125 schools) <i>Geletterdheidopleiding</i> in Junievakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Leesboeke en LOOM (250 skole) |
| Jaar 2 (2010): eerste 250 skole in tweede jaar van opleiding | Groep 1 (125 schools) <i>Geletterdheidopleiding</i> in Junievakansie Groep 2 (125 schools) <i>Syfervaardigheidopleiding</i> in Junievakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Leesboeke en LOOM (250 skole) |
| Jaar 3 (2011): tweede 250 skole – in praktyk was dit 258 skole | Groep 3 (129 skole) <i>Syfervaardigheidopleiding</i> in Junievakansie Groep 4 (129 skole) <i>Geletterdheidopleiding</i> in Junievakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (258 skole) Leesboeke en LOOM (258 skole) |
| Jaar 4 (2012): tweede 258 skole in tweede jaar van opleiding | Groep 3 (129 skole) <i>Geletterdheidopleiding</i> in Junievakansie Groep 4 (129 skole) <i>Syfervaardigheidopleiding</i> in Junievakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (258 skole) Leesboeke en LOOM (258 skole) |
| Hierdie patroon sal vir jaar 5 tot 8 herhaal word, d.w.s. tussen 2013 en 2016, sodat alle primêre skole binne 'n tydperk van 8 jaar opgelei sal wees en ondersteun sal word met lees-skemas en –materiaal. | |

Die Geletterdheid- en Syfervaardigheidprogram het in 2011 258 primêre skole van 'n intensiewe opleiding en skoolgebaseerde ondersteuning vir onderwysers van graad 1-6 voorsien.

Indiensopleiding en -ontwikkeling is ook deur die KOLI aangebied. 34 opleidingskursusse is vir onderwysers in die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fase is aangebied: 1024 onderwysers het hierdie twee tot drie week lange kurrikulumkursusse in hierdie finansiële jaar bygewoon. 392 skoolhoofde en skoolbestuurspanlede het opleiding deur middel van die 10 bestuurkursusse wat aangebied is in hierdie tydperk, ontvang. Konferensies en seminare in wiskunde, lees en skryf, sowel as vir prinsipale het 3 413 onderwysers en skoolhoofde bereik. Daar was dus altesaam 4 829 begunstigdes van die KOLI-kursusse in die finansiële jaar.

Skoolhoofde

Die fokus in hierdie jaar was op die ontwikkeling en ondersteuning van skoolhoofde wat onervare was, of ekstra mentorskap nodig gehad het, of gretig was om verdere professionele ontwikkeling te onderneem. Kursusse vir skoolbestuurders het gefokus op onderwerpe wat die skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum insluit, die rolle en verantwoordelikhede van adjunk-skoolhoofde, die rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde, van aspirant-skoolhoofde en skoolleiers, die induksie van skoolhoofde en adjunk-skoolhoofde, skoolbestuurspanopleiding en vroue in, en op pad na, bestuursposte.

Die ekwivalent van 1% van die WKOD se betaalstaat is gebruik om vaardighede en bevoegdheid van alle WKOD-werknemers te verbeter. Die vaardigheidsvlakke van onderwysers en staatsdienspersoneel word dus bykomend aangespreek deur verskillende ontwikkelingsingrypings van die Werkplekvaardigheidprogram (WVP).

Geakkrediteerde kwalifikasies

Geteikende formele kursusse, in die vorm van die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (GSO) fokus op Skoolleierskap, is by hoër onderwysinstellings aangebied. Hierdie kursusse word deur die WKOD befonds in 'n poging om die kwalifikasies van onderwysers en die gehalte van leer en onderrig in die klaskamer te verbeter. 1 202 beurse is aan diensdoende onderwysers toegeken om hul kwalifikasies te verbeter en 168 voordiens-beurse is in skaars vakgebiede toegeken.

Voordiens-beurse is aan aspirant-onderwysers toegeken, met die fokus op die skaars vakgebiede van Wiskunde, Wetenskap, Tegnologie en die Grondslagfase. 'n Bedrag van R8, 145 miljoen is vir hierdie jaar beskikbaar gestel en 109 studente het beurse ontvang. 31 studente het hul studies in 2011 voltooi en 83 het in 2012 voortgegaan. 90 nuwe beurse is in 2012 toegeken. 230 nuwe beurse is aan aspirant- en huidige skoolhoofde toegeken om hul kwalifikasies deur middel van die GOS in Skoolbestuur en Leierskap te verbeter. 124 het hul studies in 2011 voltooi en 248 het in 2012 voortgegaan.

Ander ondersteuning wat voorsien is

Boeke

In 2011/12 het die WKOD R127 miljoen in lees- en handboeke belê om die implementering van die KABV in die Grondslagfase (Graad 1-3) en Graad 10 te ondersteun. Huistaalleeskemas is aan 403 skole verskaf en Eerste Addisionele Taal (EAT) leeskemas in Engels en Afrikaans is aan alle openbare gewone primêre skole verskaf om die bekendstelling van EAT as 'n vak in die Grondslagfase te ondersteun. Wiskundeboeke is aan alle leerders in Graad 1 verskaf. Die departement het R1 miljoen belê om die voorsiening van Graad 10 letterkundeboeke vir huistaal aan te vul. 'n Bykomende R10 miljoen is gebruik om handboektekorte in Graad 9 -12 by geselekteerde skole aan te spreek.

Gestruktureerde leeskemas is aan 508 primêre skole verskaf. Hierdie bepaling is van klaskamerondersteuning vergesel. Werkboeke vir graad 1 - 6 is deur die Departement van Basiese Onderwys verskaf, met lewering deur die WKOD.

Daarbenewens het die WKOD in 2011/12 R 4 miljoen bestee aan biblioteekmateriaal vir skoolbiblioteke by 110 Xhosamedium Primêre skole in kwintiel 1, 2 en 3 en monitering en ander meganismes in plek gestel om te verseker dat hierdie hulpbronne gebruik word. 378 openbare gewone sekondêre skole en 1 090 openbare gewone primêre skole is voorsien van 'n stel van MIV/VIGS en Lewensvaardighede titels ter waarde van R3.5 miljoen vir hulle skoolbiblioteke.

Skole het uitdagings ten opsigte van die vind van personeel met gepaste vaardighede en wat behoorlik gekwalifiseer is vir sekere vakke. Vakke soos wiskunde en wetenskap staan kritieke tekorte in die gesig. Die Departement het 'n beursskema wat die uitdaging gedeeltelik aanspreek. Die Departement van Basiese Onderwys is egter ook besig om moontlike oplossings te ondersoek. Die departement het 'n telematicauitsendingsprogram om Graad 12-leerders in kritieke vakke te help. Die plasing van Fundza Lushaka-beurshouers wat oor daardie vaardighede beskik, geniet hernude aandag. Die departement het 'n Wiskunde- en Wetenskap-strategie wat kan help, ontwikkel.

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

4. Benutting van skenkerfondse

Die Departement het nie enige beduidende donateursfondse ontvang nie.

5. Handel- en openbare entiteite

Die departement het nie enige sodanige entiteite nie.

6. Organisasies aan wie oordragbetalings gemaak is

'n Lys van entiteite aan wie oordragbetalings gemaak is, is gerapporteer/aangedui in Bylae 1A - D van die Finansiële Jaarstate.

Oordragbetalings word aan opvoedkundige instellings gemaak in terme van die betrokke wette van die Parlement wat vir hulle geld. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan openbare gewone skole vir norme en standaard gemaak soos in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet uiteengesit. Verwys na bylae 1B van die jaarlikse finansiële state vir 'n meer gedetailleerde verduideliking vir elke tipe entiteit.

Die departement pas Artikel 38 (1) (j) van die WOFB streng toe waaronder entiteite wat oordragbetalings ontvang het, moet bewys dat hulle die fondse vir die beoogde doel spandeer. Daarvoor moet die betrokke entiteite 'n sertifikaat verklaar en onderteken voordat die volgende oordragbetalings gedoen word. Dan, in ooreenstemming met die betrokke Wet wat betrekking het op daardie entiteit, is hulle ook verantwoordelik daarvoor om hulle geouditeerde finansiële state teen 'n sperdatum in te dien vir oorsig en nakoming. Die Onderwysdistrikskantore skenk veral aandag aan kapasiteitsbou op skoolvlak en lewer deurlopend ondersteuning. Hierdie proses word op 'n deurlopende basis gemonitor.

7. Openbare private vennootskappe (OPV)

Die Departement het nie enige dergelike reëlings nie.

8. Reëlings vir korporatiewe beheer

In ooreenstemming met die King III-verslag, volg die interne ouditeenheid 'n risiko-gebaseerde benadering om bestuur by te staan in die bereiking van departementele doelwitte.

'n Risiko-gebaseerde benadering vereis dekking van alle beduidende risiko's, maar is nie beperk tot die fokus op operasionele en strategiese risiko's nie.

Die strategiese risiko-assessering/bepaling is afgehandel en die bestuur het aandag daaraan gegee. 'n Operasionele Risikobepaling is afgehandel.

Die Departement het 'n Ouditkomitee wat uit onafhanklike lede bestaan. Dit is tans in sy agtste jaar. Die Ouditkomitee vergader gereeld en skakel voortdurend met die topbestuur en die Uitvoerende Owerheid.

Die interne ouditfunksie, die kantoor van die Ouditeur-generaal en die Forensiese Ondersoekeenheid doen direk verslag aan die Ouditkomitee as verskaffers/bron van geïntegreerde gerusstelling.

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobepalingseenheid. Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurkomitee wat uit die Hoof van die Departement en adjunk-direkteur-generaals bestaan. Hulle kom ten minste een keer per kwartaal bymekaar om die risiko's wat die departement in die gesig staar in ag te neem en versagtende strategieë te bedink. Operasionele risiko's word ook op dieselfde tyd hersien. Die Departement het 'n Risiko-beleidsraamwerk in samewerking met die Provinsiale Tesourie ontwikkel. Die risiko-beleid sal 'n bedrogrisiko-assesseringsbeleid tot gevolg hê. Die departement het 'n bedrogvoorkomingsplan.

Senior bestuur moet jaarliks 'n verklaring van 'Geen Konflik van Belange' voltooi, of na gelang van omstandighede. Daar word van alle bodkomiteede en personeel in die Voorsieningsketteringbestuur vereis om enige konflik van belange te verklaar. Die Departement vereis dat alle bieërs potensiële verhoudings met die werkgewer of werknemers verklaar. Die lede van die Ouditkomitee moet ook 'n verklaring van 'Geen Konflik van Belange' indien.

Die veiligheid van leerders en onderwysers by skole is 'n groot uitdaging en die departement het vennootskappe met ander relevante provinsiale departemente gevorm om die kwessie te hanteer. Betrokkenheid by die gemeenskap bly 'n belangrike aspek in die stryd teen geweld wat sommige van ons 'n hoë-risiko-skole affekteer. Die Departement het ook CCTV-kameras/Geslotebaankameras in sekere skole geïnstalleer om skoolhoofde te help om aktiwiteite te monitor.

9. Gestaakte aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen

10. Nuwe / voorgestelde aktiwiteite

Geen

11. Batebestuur

Die Departement het al die mylpale soos uiteengesit in die Batesbestuurshervormings bereik. Die bate-verifikasieproses word tweemaal per jaar onderneem om deurlopende verbetering te verseker. Alle bates is in die bateregister vasgelê en die kondisie van elke bate is aangeteken.

12. Gebeure na die verslagdatum

Geen

13. Prestasieinligting

Prestasie-inligting word op 'n kwartaallikse basis opgeteken en by die Provinsiale Tesourie ingedien. Om verantwoordingspligtigheid/aanspreeklikheid en deursigtigheid te verbeter, het die Departement sy eie aanwysers ontwikkel bykomend tot dié wat deur die Nasionale Tesourie vereis word. Dit word gereeld gemonitor. Die meerderheid is egter jaarteikens.

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Die bestaande stelsels is hoofsaaklik die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) wat leerderdata voorsien, en PERSAL om personeelgetalle en uitgawes aan te dui. Die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS) word gebruik om uitgawe- en inkomste-data te voorsien

14. SCOPA-besluite (Staande Komitee op Openbare Rekening SKOOR)

SKOOR-resolusies vir die finansiële jaar ter tafel gelê.

| Verwysing na vorige auditverslag en SKOOR-resolusies | Onderwerp | Bevindinge oor vordering |
|--|---|--|
| SKOOR-verslag gedateer 25 Maart 2010 | Die Departement mag verantwoording moet doen vir afskrywings in terme van beweerde vrugtelose en verkwistende uitgawes met betrekking tot infrastruktuur-projekte. Die uiteindelijke uitkoms van die saak kan nie tans bepaal word nie, en geen voorsiening vir moontlike vrugtelose en verkwistende uitgawes is in die finansiële state gemaak nie. Die verlies as gevolg van die kansellering van kontrakte word as vrugtelose en verkwistende uitgawes beskou. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die Departement het 'n nota in die finansiële state ingesluit tot die effek dat 'n bedrag van R1, 75 miljoen as moontlike vrugtelose en verkwistende uitgawes geïdentifiseer is. Dit is onderhewig aan finalisering. |
| | Probleme is ervaar gedurende die audit met betrekking tot verdragings of die onbeskikbaarheid van aangevraagde inligting. Dit is 'n aanduiding van 'n gebrek aan deurlopende monitering en toesig, sowel as 'n gebrek aan doeltreffende beheer rondom die beskikbaarheid van verwagte inligting. Kontrak- of tender-dokumentasie kon misplaas word en 'n betaling kan gemaak word wat nie in ooreenstemming met die vereistes van die kontrak of bodinligting of tender-dokumentasie is nie. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die Departement het beheermaatreëls rondom die versameling van brondokumente geïmplementeer wat ook op 'n maandelikse basis gemonitor word. |
| | SKOOR-resolusies is nie voldoende geïmplementeer nie. Indien korrektiewe stappe nie in terme van SKOOR-resolusies geneem word nie, is 'n herhaling van die foute en praktyke van die verlede meer waarskynlik. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die Departement het beduidende vordering in hierdie verband gemaak. |
| SKOOR-verslag gedateer 30 Junie 2011 | Die verdragings in die lewering van infrastruktuur moet so gou moontlik ondersoek en aangespreek word. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die departement het sy prosesse rakende infrastruktuurbeplanning verbeter om verdragings te vermy. |
| | Aangeleentheid van werknemers wat sake doen met die Wes-Kaapse regering moet aangespreek word en dringend afgehandel word om 'n herhaling daarvan te vermy in die toekoms. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Verwysing na vorige ouditverslag en SKOOR-resolusies | Onderwerp | Bevindinge oor vordering |
|--|--|--|
| | <p>Toegang tot die bedienerkamer moet beperk word, byvoorbeeld deur die installering van 'n swipe-kaartfasiliteit. Magnetiese kaartslette moet ook geïnstalleer word in die datasentrumdeure om toegang te beperk, asook kameras om personeeltoegang tot die bedienerkamer te monitor. Alle data moet gerugsteun word op 'n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis. Rugsteunkopieë/backups moet gereeld getoets word om te bepaal of die data funksioneel is.</p> | <p>Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings.</p> |
| | <p>Gebruikervorms vir die toevoeging van gebruikers moet die vereiste en goedgekeurde gebruikerregte spesifiseer</p> | <p>Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. The department did strengthen some of the controls.</p> |
| | <p>Gestandaardiseerde logiese sekuriteitsinstellings moet op die netwerk en ander relevante programme geïmplementeer word.</p> | |
| | <p>Gestandaardiseerde logiese sekuriteitsinstellings geïmplementeer moet word op die netwerk en ander toepassings.</p> | |
| <p>SKOOR-verslag gedateer 9 Maart 2012</p> | <p>Die interne beheerstelsels en projekbestuur van die Departement moet verbeter;</p> | <p>Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings.</p> |
| | <p>Komitee is tevrede met die afname in die algehele vakaturekoers, dit het egter kommer uitgespreek oor die vakante poste in senior bestuur, byvoorbeeld die ADG: Korporatiewe Dienste, wat eers in November 2011 geëvalueer is. Daar is ook vakatures en gebrek aan vaardighede in die Departement van Finansies. Die Departement moet die vul van vakatures baie ernstig opneem aangesien dit 'n impak op dienslewering het;</p> | <p>Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings.</p> |
| | <p>As gevolg van die ondoeltreffendheid van die monitering van verlofadministrasie, het die Komitee besluit dat daar 'n betroubare stelsel ingestel word wat verlof wat geneem is en/of uitbetaal is, monitor om te verhoed dat werknemers die neem van enige vorm van verlof, (jaarlikse verlof, siekteverlof, familieverlof, ens) neem sonder om beleidsprosedures te volg;</p> | <p>Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings.</p> |

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Verwysing na vorige auditverslag en SKOOR-resolusies | Onderwerp | Bevindinge oor vordering |
|--|---|---|
| | Die Departement kry die inligting van die Ouditeur-Generaal oor die ondersoek van die Adviserende Diens aan die Minister van Onderwys en dat die inligting wat aan die Komitee verskaf moet word; | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | Die Departement moet streng prosedures wat verband hou met die Voorzieningskanaalbestuur implementeer; | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | Die vereistes van die Wet op die Raamwerk vir die Voorkeurverkrygingsbeleid (WRVVB) moet toegepas word; | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | As gevolg van die feit dat die Finansiële Bestuurverbeteringsplan nie die kern-oorsaak van die interne-beheer-tekortkominge wat in die 2009/2010 finansiële jaar geïdentifiseer is, aangespreek het nie, doen die Komitee 'n beroep op die Departement om die Finansiële Bestuurverbeteringsplan dringend te hersien; | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | Die Departement voldoen aan die Komitee se versoek en voorsien die Komitee sonder versuim van die vyf interne auditverslae, veral die Leerdervoerverslag | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | Vier wesentliche wanvoorstellings is tydens die audit proses reggestel. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement het versuim het om die onreëlmatige uitgawes van R14.6 miljoen, weens onvoldoende prosesse, te identifiseer. Hierdie fout is slegs tydens die auditproses ontdek. | |
| | <ul style="list-style-type: none"> • Die kapitaalbesteding van R38 338 000 was te wyte aan die herklassifikasie van die inligting wat in die finansiële state ingesluit is; | |
| | <ul style="list-style-type: none"> • Die Kapitaalverpligtinge van R1,6 miljard as gevolg van onvoldoende prosedures om inligting in die finansiële state te hersien, is tydens die auditproses ontdek. | |
| | <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement moet die prosesse in plek hê te verhoed dat die bogenoemde weer in die toekoms voorkom. | |

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Verwysing na vorige auditverslag en SKOOR-resolusies | Onderwerp | Bevindinge oor vordering |
|--|--|---|
| | Toekennings wat aan verskaffers gemaak is, was nie gebaseer op voorkeerpunte wat toegeken en bereken is in ooreenstemming met die vereistes van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet No. 5 van 2000) en sy regulasies en die Nasionale Tesourie se Instruksienota van 15 September 2010 nie. Die Komitee het besluit dat daar 'n proses in plek moet wees om die toegang van verskaffers wat nie aan die vereistes van die WRVVB voldoen nie, te beheer. | |
| | Die verdragings in die bou van klaskamers; | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |
| | Die onkoste verbonde aan rekenaardienste wat in die tydperk van 'n jaar dramaties gestyg het. | Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. |

15. Voorafwysigings aan auditverslae

Die departement het suksesvol 'n stelsel geïmplementeer wat die bekommernisse en bevindinge van die Ouditeur-Generaal aanspreek. Daar word van die verantwoordelike bestuurders vereis om 'n plan van aksie te ontwikkel, wat deur 'n komitee geëvalueer word. Sodra die proses van gehalteversekering voltooi is, word implementering daarvan gemonitor. Die vordering in hierdie verband word ook aan die Ouditkomitee gerapporteer.

| Aard van nie-nakoming | Finansiële jaar waarin dit die eerste keer ontstaan he | Die vordering wat gemaak is in die oplos/aanspreek van die saak |
|--|--|--|
| Monitering van ander besoldigde werk deur werknemers | 2010/11 | Alle tenders bo R500 000 is nagegaan om te verseker dat geen werknemers betrokke is nie. Die Departement het ook 'n beleid opgestel. |
| Aanskaffing en kontrakbestuur | 2010/11 | Die Departement het die elektroniese Sourcelink-verkrygingstelsel geïmplementeer om nakoming te verseker. |

16. Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie

In terme van artikel 79 van die WOFB, het die Nasionale Tesourie 'n afwyking van die openbaarmaking van amortisasietabelle vir Finansieringshuuruitgawes ten opsigte van GG-voertuie soos vereis in terme van die Departementele Rapporteringsraamwerkgid, goedgekeur. Stappe word gedoen om volle openbaarmaking van GG-voertuig-uitgawes as bruikhuur te implementeer, insluitend amortisasietabelle, vir die 2012/13 finansiële jaar.

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

In terme van artikel 66 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), tesame met die Nasionale Tesouriepraktyknota 5 van 2006/07, het die Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die Wes-Kaap goedkeuring verleen vir alle bruikhuurverpligtinge ten opsigte van GG-voertuiguitgawes wat aangegaan is of wat aangegaan sal word vir langer as 60 maande.

17. Tussentydse finansiële state

Die Departement het tussentydse finansiële state voorberei soos deur die Provinsiale Tesourie vereis. Hierdie tussentydse state is deur die Provinsiale Tesourie hersien en die WKOD het aanpassings gemaak waar dit toepaslik geag is.

18. Ander

Geen

19. Infrastruktuuraangeleenthede: Magqwaka-geval

Die Departement is steeds in gesprek met die Departement van Vervoer en Openbare Werke oor die Magqwaka-geval. Die WKOD wag vir die finale resultate van die regsproses om verantwoording te kan doen vir enige uitgawes wat daaruit mag voortspruit.

20. Reaksie op Ouditmening

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het 'n negatiewe oudituitslag ontvang ná vyf jaar van ongekwalifiseerde oudits. Die WKOD erken die uitkomst van die oudit en sal die gepaste plan van aksie neem om ons stelsels te versterk.

Die kwalifikasie in die ouditbevinding is omdat die WKOD 'n onvolledige bateregister vir mobiele klaskamers het. Dit is die eerste keer dat die departement rekenskap moet gee van so 'n bateregister. In ideale omstandighede, moet die departement 'n bateregister van mobiele klaskamers hê wat die definisies van wat as 'n mobiele klaskamer tel, duidelik uitspel en ook stelsels in plek hê vir identifikasie en beheer van die beweging van die eenhede. Dit moet ook deur interne oudit geaudit word om te verseker dat al die nodige kontroles voldoende is.

Die oudit het ook voorbeelde van nie-nakoming met betrekking tot VKB-reëls en -regulasies gevind.

Planne om ouditbevindings aan te spreek

Mobiele klaskamers

Gedurende Julie 2012 het die WKOD 'n omvattende telling van mobiele eenhede met behulp van 'n ooreengekome definisie gedoen. In die volgende twee maande sal die volgende stappe geneem word:

- 1) Kriteria sal ontwikkel word om te definieer wanneer 'n eenheid as permanente of 'n mobiele klaskamer beskou word. 'n Stelsel sal ontwerp word om mobiele Graad R-klaskamers, kombuis-eenhede en biblioteek-eenhede te skei.

BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

- 2) Voorraadbatebestuur sal 'n projekplan opstel wat die omvang en lengte van 'n projek sal definieer om eenhede te tel en te verifieer. Dit sou die aanbring van strepieskodes op die eenhede kon insluit. Die projekplan sal teen 10 Augustus en die plan teen die einde van September 2012 voltooi wees.
- 3) Die WKOD sal 'n opsporingstelsel ontwerp vir wanneer 'n eenheid beweeg word.
- 4) Die WKOD sal ook verantwoordelik wees vir die eenhede wat deur DVOW gekoop word en hulle volgens NT-riglyne behandel.
- 5) Dié eenhede wat deur SBL's gekoop is, sal op skole se bateregisters weerspieël moet word en die distrikskantore sal gevra word om te help in hierdie verband.
- 6) Gedetailleerde brondokumente van elke transaksie in die bateregister sal deel vorm van die rekonsiliasie wat uitgevoer moet word.
- 7) Ooreenkoms moet met DVOW bereik word oor watter eenhede as permanent beskou word en ook watter rol WKOD sal speel. Dit sal ingesluit word in die diensleweringsooreenkoms met DVOW.
- 8) Interne oudit sal in die proses oorweeg word om te kan afteken ten opsigte van die proses en prosedures wat gevolg is deur die departement sowel as die OGSA.
- 9) Die WKOD sal ook versoek dat OGSA 'n tussentydse oudit doen om te verseker dat die probleme wat mag opduik, betyds hanteer word.
- 10) Die bogenoemde proses sal teen 30 Oktober 2012 voltooi wees.

VKB - nie-nakoming

Die OGSA het nie-nakoming met betrekking tot VKB-reëls en -regulasies geïdentifiseer. Die OGSA het die tydperk van nie-nakoming as voor die implementering van Source-link in Desember 2011 geïdentifiseer. Daar is geen geïdentifiseerde kwessies sedert die implementering van Source-link nie.

Daarom word die volgende aksies voorgestel vir die regstelling van die:

- 1) Ontwikkeling van 'n beleid oor onreëlmatige uitgawes gebaseer op die onlangs uitgereikte lys van die Nasionale Tesourie van tipes onreëlmatige uitgawes.
- 2) 'n Omsendbrief aan alle personeellede met die lys van onreëlmatige uitgawes.
- 3) Elke direkteur moet 'n personeellid identifiseer om verantwoordelikheid te neem vir VKB en 'n werkwinkel by te woon oor die jongste VKB-vereistes. Hierdie persoon sal die enigste een verantwoordelik wees vir aanskaffing vir die betrokke direktoraat.
- 4) Hersien die VKB-struktuur van direktoraat-infrastruktuur en distrikte om te verseker dat hulle behoorlike rekordhouding van transaksies volg.
- 5) Opleiding deur VKB sou 'n belangrike element in die voorkoming van onreëlmatige en vrugtelose verkwing kon wees.
- 6) Die VKB moet 'n gestandaardiseerde formaat oorweeg om personeel te help, aangesien VKB-regulasies al hoe meer kompleks raak. PT het reeds VKB-templates uitgereik en die implementeringsdatum vir die einde van September 2012 geskeduleer.
- 7) Die gebruik van skole om VKB-regulasies te omseil, sal gestop word.


BEGROTINGSPOS 05
VERSLAG VAN DIE REKENINGPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

- 8) Daar moet ook 'n werkwinkel deur VKB of PT-amptenare oor huishoudelike aangeleenthede gehou word aangesien die OGSA-onderzoek op brondokumente fokus.
- 9) Interne audit het reeds onreëlmatige uitgawes in die auditplan vir 2012/13 ingesluit, dus moet die rapporteringsmeganismes in daardie areas wat nie hierbo gedek is nie, versterk word. Die aanbevelings wat uit so 'n verslag volg, sal onmiddellik geïmplementeer word.
- 10) Aan die einde van die jaar moet alle SBD-lede sertifikate teken om onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes in hul begroting aan te meld.
- 11) Die WKOD sal op 'n hoë-vlak 'n Interne Beheereenheid teen die einde van Augustus 2012 instel. Die Beheereenheid sal opleiding en ondersteuning aan die VKB-amptenaar van elke direktoraat bied.
- 12) Alle dokumentasie ten opsigte van Source-link sal deur die Interne Beheer-eenheid geverifieer word.
- 13) Die WKOD sal dit oorweeg om 'n tussentydse OGSA-onderzoek/-toetsing rakende onreëlmatige uitgawes aan te vra om uitdagings aan die einde van die jaar te verhoed.

Gereelde terugvoering sal aan die Minister en die Ouditkomitee gegee word oor vordering ten opsigte van hierdie plan van aksie.

21. Goedkeuring

Die Finansiële Jaarstate soos uiteengesit op bladsye 118 tot 174 is deur die Rekeningpligtige Beampte goedgekeur.



PA Vinjevold

Superintendent-Generaal

Datum: 31 Augustus 2012

VRYWARING

Hierdie ouditverslag is 'n vertaalde weergawe van die ouditverslag wat goedgekeur en onderteken is. Die Kantoor van die Ouditeur-generaal aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR
BEGROTINGSPOS No.5: WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**

VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

Inleiding

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) geaudit soos uiteengesit op bladsye 118-174 wat bestaan uit die begrotingstaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012, die staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, die kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Rekeningpligtige beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële

2. Die rekeningpligtige beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die *Departementele raamwerk vir finansiële verslagdoening* soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet No 1 van 1999) (WOFB) en die Wet op Verdeling van Inkomste van Suid-Afrika, 2011 (Wet No 6 van 2011) (WoVI), en vir sodanige interne beheer as wat die rekeningpligtige beampte bepaal om nodig te wees vir die voorbereiding van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy as gevolg van bedrog of foute, moontlik te maak.

Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid

3. My verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek oor hierdie finansiële state gebaseer op my audit. Ek het my audit uitgevoer in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet No 25 van 2004) (WOO), die Algemene Kennisgewing uitgereik in terme daarvan en Internasionale Standaard vir Ouditering. Hierdie standaard vereis dat ek voldoen aan etiese vereistes en die audit op so 'n manier moet beplan en uitvoer daar redelike gerusstelling sal wees dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.
4. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gebruik word, is gebaseer op die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. In die maak van hierdie risikobeoordeling, beskou die ouditeur interne beheermaatreëls van toepassing op die entiteit se voorbereiding van die finansiële state ten einde auditprosedures te ontwerp wat van toepassing in die omstandighede is, maar nie om 'n mening te lug oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is in en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

5. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n basis vir my gekwalifiseerde ouditmening te bied.

Basis vir gekwalifiseerde opinie

Tasbare roerende bates

6. Die departement het nie die nodige stelsel vir rekordhouding van mobiele eenhede, soos weerspieël in aantekening 29 by die finansiële state, gehad waarop ek kon staatmaak nie. Die Departement se rekords het nie die toepassing van voldoende alternatiewe prosedures ten opsigte van mobiele eenhede toegelaat nie. Gevolglik was ek nie in staat om voldoende toepaslike bewyse aangaande bestaan, waardasie en volledigheid van mobiele eenhede ten bedrae van R56 miljoen te verkry om myself tevrede te stel nie.

Gekwalifiseerde mening

7. Na my mening, behalwe vir die moontlike uitwerking van die aangeleentheid beskryf in die paragraaf oor basis vir gekwalifiseerde opinie, is die finansiële state 'n redelike voorstelling, in alle wesentliche opsigte, die finansiële posisie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement soos op 31 Maart 2012 en sy finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die *Departementele raamwerk vir finansiële verslagdoening* soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) en Dora (WoVI).

Beklemtoning van aangeleentheid

8. Ek vestig die aandag op die aangeleenthede hieronder. My mening is nie aangepas ten opsigte van hierdie sake nie.

Beduidende onsekerhede

9. Met verwysing na aantekening 18 van die finansiële state, daarop te let dat die departement 'n verpligting het om munisipale rekeninge wat nie deur die skole vereffen is nie, te vereffen. Die departement is nie in staat om die presiese bedrag van die verpligting gedurende die jaar vereffen of wat nog vereffen moet word te bepaal nie, aangesien sommige rekeninge direk deur die skole betaal word. Elke geval word individueel ondersoek en geen voorsiening vir enige aanspreeklikheid wat mag volg, is in die finansiële state gemaak nie.

Herstatering van ooreenstemmende syfers/getalle

10. Soos aangedui in aantekening 29 by die finansiële state, is die ooreenstemmende syfers/getalle vir 31 Maart 2011 is hersaamgestel as gevolg van 'n fout wat gedurende die huidige finansiële jaar ontdek is wat verband hou met mobiele eenhede wat nie voorheen verantwoord is in die departement se finansiële state in die departement se bateregister wat nie voorheen verantwoord is in die finansiële state van die departement nie.

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Wesentliche beskadigings/benadelings

11. Die departement het debiteure/invorderbare skuld met betrekking tot personeel sowel as ander skulde van R71 miljoen in totaal op 31 Maart 2012 gehad, soos in aantekening 28 by die finansiële state, wat vir meer as drie jaar uitstaande is. Die verhaalbaarheid van hierdie bedrae word betwyfel.

Onreëlmatige uitgawes

12. Soos in aantekening 25 by die finansiële state, is die onreëlmatige uitgawes wat as R52 miljoen geïdentifiseer is 'n onderskating omdat die volle omvang van die onreëlmatighede is nog steeds in die proses is om bepaal te word.

Bykomende aangeleenthede

13. Ek vestig die aandag op die aangeleenthede hieronder. My mening is nie aangepas ten opsigte van hierdie sake nie.

Ongeouditeerde aanvullende skedules

14. Die aanvullende inligting uiteengesit op bladsye 167 tot 174 vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomende inligting aangebied. Ek het nie hierdie skedules geouditeer nie, en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening daarvoor uit nie.

Finansiële verslaggewingsraamwerk/rapporteringsraamwerk

15. Die raamwerk vir finansiële verslaggewing/rapprotering wat deur die departement voorgeskryf word en deur die Nasionale Tesourie toegepas is, is 'n nakomingsraamwerk. Die bewoording van my mening oor 'n nakomingsraamwerk moet wys dat die finansiële state opgestel is in ooreenstemming met hierdie raamwerk en nie dat hulle 'n "redelike voorstelling" is nie. Artikel 20 (2) (a) van die WOO vereis egter vir my om 'n mening oor die redelike voorstelling van die finansiële state uit te spreek. Die bewoording van my mening daarvoor weerspieël hierdie vereiste.

VERSLAG OOR ANDER REGS - EN REGULERENDE VEREISTES

16. In ooreenstemming met die WOO en die *Algemene Kennisgewing* wat ingevolge daarvan uitgereik is, rapporteer ek die volgende bevindings met betrekking tot prestasie teen voorafbepaalde doelwitte, die nakoming van wette en regulasies en interne beheer, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek nie.

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Voorafbepaalde doelwitte

17. Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te verkry oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting in die jaarlikse prestasie verslag, soos op bladsye 6 tot 93 van die jaarverslag uiteengesit.
18. Die berigte prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is geëvalueer teen die algemene kriteria van bruikbaarheid en betroubaarheid. Die bruikbaarheid van die inligting in die verslag van die jaarlikse prestasie hou verband daarmee of dit aangebied word in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se jaarlikse verslagdoeningbeginsels en of die gerapporteerde prestasie in ooreenstemming is met die beplande doelwitte. Die bruikbaarheid van inligting het verder betrekking op aanwysers en teikens wat meetbaar (d.w.s. goed gedefinieer, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydgebonde) en relevant is, soos vereis deur die *Nasionale Tesourie-raamwerk* vir die bestuur van programprestasie-inligting.
19. Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die geselekteerde programme word geassesseer om te bepaal of dit 'n voldoende weerspieëling van die feite is (d.w.s. of dit geldig, akkuraat en volledig is).
20. Daar was geen wesenlike bevindinge op die jaarlikse prestasieverslag met betrekking tot die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting nie.

Addisionele saak

21. Hoewel daar geen wesenlike bevindinge oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die prestasie-inligting in die jaarlikse prestasie-verslag geïdentifiseer is nie, vestig ek die aandag op die saak hieronder.

Bereiking van die beplande teikens

22. Van die totale aantal beplande teikens is slegs 42 behaal gedurende die jaar onder oorsig. Dit verteenwoordig 34% van die totale aantal beplande doelwitte wat nie bereik is gedurende die jaar onder oorsig nie.
23. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die feit dat die aanwysers en teikens nie behoorlik ontwikkel is gedurende die strategiese beplanningsproses nie en as gevolg daarvan dat die departement nie relevante stelsels en bewysregtelike/praktiese vereistes tydens die jaarlikse strategiese beplanningsproses oorweeg het nie.

Voldoening aan wette en regulasies

24. Ek het prosedures uitgevoer om te bewys dat die entiteit voldoen het aan die relevante wette en regulasies ten opsigte van finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante sake. My bevindinge op wesenlike nie-nakoming met spesifieke sake in sleutel relevante wette en regulasies soos uiteengesit in die Algemene Kennisgewing uitgereik in terme van die WOO, is soos volg:

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Jaarlikse finansiële state, prestasie en jaarverslae

25. Die finansiële state vir ouditering voorgelê, is nie in alle wesenslike opsigte in ooreenstemming met die vereistes van artikel 40 (1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur voorberei nie. Wesenslike wanvoorstellings wat deur die ouditeure geïdentifiseer is, is nie voldoende reggestel nie, wat gelei daartoe dat die departement 'n gekwalifiseerde auditmening gekry het.

Bates en laste

26. Behoorlike beheerstelsels om bates te beskerm en in stand te hou, is nie geïmplementeer nie, soos vereis deur artikel 38 (1) (d) van die Wet op die Bestuur van die Openbare Finansies en Tesourieregulasie 10.1.1 (a).

Aanskaffing en kontrakbestuur

27. Goedere en dienste met 'n transaksiewaarde van minder as R500 000 is sonder die verkryging van die vereiste prys-kwotasies verkry, soos deur Tesourieregulasie 16A6.1 vereis.
28. Kontrakte en kwotasies is toegeken aan verskaffers wie se inkomstebelastingsake nie deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verklaar is as in orde nie, soos vereis deur die Tesourieregulasies 16A9.1 (d) en die Voorkeurverkrygingsregulasies.
29. Die voorkeur-puntestelsel is nie toegepas in al die verkryging van goedere en dienste bo R30 000 nie, soos vereis deur artikel 2 (a) van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid en Tesourieregulasies 16A6.3 (b).
30. Kontrakte en kwotasies is toegeken aan tenderaars wat nie 'n verklaring oor die vraag of hulle deur die staat in diens geneem is of verbind is aan enige persoon in diens van die staat ingedien het nie, wat voorgeskryf word ten einde te voldoen aan Tesourieregulasie 16A8.3.
31. Werknemers van die departement het besoldigde werk buite hul diens in die departement uitgevoer sonder die skriftelike toestemming van die tersaaklike owerheid, soos vereis deur artikel 30 van die Wet op die Staatsdiens en artikel 33 (1) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders.
32. Persone in diens van die departement wat 'n privaat- of sakebelang in kontrakte wat toegeken is deur die departement gehad het, het versuim het om so 'n belang openbaar te maak, soos vereis deur Tesourieregulasie 16A8.4 en/of Openbare Diensregulasie 3C.
33. Persone in diens van die departement wie se nabye familielede, vennote of geassosieerdes privaat- of sakebelang in kontrakte wat toegeken is deur die departement gehad het, het versuim om so 'n belang openbaar te maak, soos vereis deur Tesourieregulasie 16A8.4.
34. 'n Behoorlike evaluering van groot kapitaalprojekte is nie gedoen voordat 'n finale besluit oor die projek soos per artikel 38 (1) (a) van die WOFB geneem is nie.

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Uitgawebestuur

35. Die rekeningpligtige beampte het nie effektiewe stappe geneem om onreëlmatige uitgawes te voorkom nie, soos vereis deur artikel 38 (1) (c) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 9.1.1.
36. Toereikende en toepaslike ouditbewyse kon nie verkry word dat effektiewe en toepaslike dissiplinêre stappe gedoen is teen amptenare wat onreëlmatige uitgawes gemaak en/of toegelaat het nie, veral met betrekking tot onreëlmatige uitgawes in die vorige finansiële jaar, soos vereis deur artikel 38 (h) (iii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasies 9.1.3

Inkomstebestuur

37. Die rekeningpligtige beampte het nie effektiewe en toepaslike stappe geneem om alle gelde verskuldig in te samel nie, soos vereis deur artikel 38 (1) (c) (i) van die Wet op Openbare Finansies en Tesourieregulasies 11.2.1 en 15.10.1.2 (a) & (e).

Dienslewering

Tegniese Sekondêre Skole Re-kapitalisasie-toekenning

38. Anders as tegniese skole wat bewys gelewer het van die vermoë, stelsels en kontroles om die aanskaffingsproses te bestuur, die aanskaffingsproses nie provinsiaal bestuur nie, soos vereis deur die Verdeling van Inkomstetoekenningraamwerk, Staatskoerant No. 34.280.

Interne beheer

39. Ek het interne beheer verwant aan my oudit van die finansiële state, die verslag oor voorafbepaalde doelwitte en die nakoming van wette en regulasies in oënskou geneem. Die aangeleenthede wat hieronder gerapporteer is onder die grondbeginsels van interne beheer, is beperk tot beduidende tekortkominge wat gelei het tot die basis vir 'n gekwalifiseerde mening en die bevindings op die nakoming van wette en regulasies wat in hierdie verslag ingesluit is.

Leierskap

40. Die rekeningpligtige beampte het nie voldoende toesigverantwoordelikheid dwarsdeur die finansiële jaar uitgeoefen om akkurate en volledige finansiële state te verseker nie. Dit is duidelik deur die omvang van toereikende toepaslike ouditbewyse met betrekking tot mobiele eenhede wat nie betyds vir ouditdoeleindes voorgelê kon word nie, die wesenlike wanvoorstelling in die finansiële state, sowel as nie-nakoming van aanskaffing- en kontrakbestuurregulasies, uitgawes, inkomstebestuur en voorwaardelike toekennings.

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Finansiële en prestasiebestuur

41. Die finansiële bestuurverbeteringsplan wat deur die departement opgestel is gebaseer op die bevindings van die oudit van die finansiële jaar 2010-11, moes op so 'n wyse voorberei gewees het dat dit verbetering kon verseker. Die verbeteringsplan blyk egter onvoldoende te wees vir die aanspreek van die interne beheertekortkominge wat ondoeltreffende monitering en oorsig oor finansiële inligting en nie-voldoening aan wette en regulasies beteken het en sodoende gelei het tot 'n wysiging van die ouditmening en beduidende nie-nakoming van wette en regulasies.
42. Daar was 'n gebrek aan toesig en monitering deur bestuur by die distrikskantore om te verseker dat kontrole oor maandelikse rekonsiliasie van transaksies geïmplementeer word. Die risiko's wat voortgespruit het uit die rekeningkundige hantering van mobiele eenhede is nie voldoende en vroegtydig aangespreek om die samestelling van 'n akkurate en volledige bateregister te verseker nie.
43. Daar was ook 'n gebrek aan beheermaatreëls en voldoende opvolgaksies oor uitstaande debiet wat gelei het tot 'n onderskatting van voorsiening wat weer eens 'n wesenlike aanpassing van die finansiële state tot gevolg gehad het.

ANDER VERSLAE

Ondersoeke

44. Twee-en-twintig gevalle van beweerde finansiële ongerymdhede, korrupsie en menslike hulpbron-onreëlmatighede is afgesluit gedurende die huidige finansiële jaar.
45. Negentien gevalle van nie-nakoming van voorsieningsketteringregulasies is in die huidige finansiële jaar gerapporteer, dit word huidiglik ondersoek. Ses-en-twintig ander gevalle wat verband hou met beweerde finansiële ongerymdhede, korrupsie en menslike hulpbron-onreëlmatighede is ook gerapporteer gedurende die huidige finansiële jaar en was steeds in die proses op die datum van hierdie verslag.

Prestasie-oudits

Gereedheid/Bereidwilligheid van regering om verslag te doen oor eie prestasie

46. Gedurende die jaar onder oorsig is 'n prestasie-oudit uitgevoer om die gereedheid/bereidwilligheid van die regering om verslag te doen oor sy eie prestasie te bepaal. Die fokus van die oudit is op hoe die regeringsinstellings gelei en gehelp word van hul eie prestasie verslag te doen, sowel as die stelsels en prosesse wat hulle in plek het/beskikbaar het daarvoor. Die oudit is tans in die rapporteringsfase en die bevindinge sal in 'n aparte verslag gerapporteer word

BEGROTINGSPOS 5
VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Prestasie-oudit op Vroeëkindontwikkeling - Graad R

47. Gedurende die jaar onder oorsig is 'n prestasie-oudit van die Vroeëkindontwikkelingprogram (VKO) uitgevoer. Die oudit het gefokus op die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne in die VKO-program. Die oudit is tans in die rapporteringsfase en die bevindinge sal in 'n aparte verslag gerapporteer word.

Auditor General

Kaapstad
31 Julie 2012



AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

Auditing to build public confidence

**BEGROTINGSPOS 5
BEGROTINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

| Appropriation per programme | | | | | | | | | |
|--|------------------------|-------------------|----------|---------------------|--------------------|---------------|---|---------------------|--------------------|
| Programmes | 2011/12 | | | | | | | 2010/11 | |
| | Adjusted Appropriation | Shifting of Funds | Virement | Final Appropriation | Actual Expenditure | Variance | Expenditure as % of final appropriation | Final Appropriation | Actual Expenditure |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| 1. Administration | | | | | | | | | |
| Current payment | 431,447 | (7,965) | (25,099) | 398,383 | 398,383 | - | 100.0 | 382,242 | 368,096 |
| Transfers and subsidies | 68,542 | 28,499 | - | 97,041 | 97,041 | - | 100.0 | 118,761 | 118,653 |
| Payment for capital assets | 53,236 | (18,664) | - | 34,572 | 34,572 | - | 100.0 | 9,830 | 9,830 |
| Payment for financial assets | 3,912 | (1,870) | - | 2,042 | 2,042 | - | 100.0 | 995 | 995 |
| | 557,137 | - | (25,099) | 532,038 | 532,038 | - | - | 511,828 | 497,574 |
| 2. Public Ordinary School Education | | | | | | | | | |
| Current payment | 9,750,389 | (68,121) | 3,318 | 9,685,586 | 9,682,428 | 3,158 | 100.0 | 8,848,337 | 8,844,794 |
| Transfers and subsidies | 571,756 | 56,250 | 29,226 | 657,232 | 657,188 | 44 | 100.0 | 531,258 | 531,258 |
| Payment for capital assets | 536,047 | 11,871 | 15,696 | 563,614 | 556,700 | 6,914 | 98.8 | 344,997 | 344,997 |
| | 10,858,192 | - | 48,240 | 10,906,432 | 10,896,316 | 10,116 | - | 9,724,592 | 9,721,049 |
| 3. Independent School Subsidies | | | | | | | | | |
| Transfers and subsidies | 64,188 | - | - | 64,188 | 63,554 | 634 | 99.0 | 59,709 | 59,696 |
| | 64,188 | - | - | 64,188 | 63,554 | 634 | - | 59,709 | 59,696 |
| 4. Public Special School Education | | | | | | | | | |
| Current payment | 645,699 | (17,611) | (5,593) | 622,495 | 622,495 | - | 100.0 | 559,238 | 557,233 |
| Transfers and subsidies | 114,676 | 14,787 | - | 129,463 | 129,463 | - | 100.0 | 130,511 | 128,680 |
| Payment for capital assets | 44,684 | 2,824 | (8,125) | 39,383 | 39,383 | - | 100.0 | 41,733 | 41,733 |
| | 805,059 | - | (13,718) | 791,341 | 791,341 | - | - | 731,482 | 727,646 |
| 5. Further Education and Training | | | | | | | | | |
| Current payment | 267,365 | (7,800) | - | 259,565 | 259,553 | 12 | 100.0 | 251,757 | 251,685 |
| Transfers and subsidies | 267,306 | 7,800 | - | 275,106 | 275,106 | - | 100.0 | 195,286 | 195,286 |
| | 534,671 | - | - | 534,671 | 534,659 | 12 | - | 447,043 | 446,971 |
| 6. Adult Basic Education and Training | | | | | | | | | |
| Current payment | 9,003 | (2,332) | (821) | 5,850 | 5,850 | - | 100.0 | 7,165 | 7,165 |
| Transfers and subsidies | 24,916 | 2,332 | - | 27,248 | 27,248 | - | 100.0 | 24,987 | 24,987 |
| | 33,919 | - | (821) | 33,098 | 33,098 | - | - | 32,152 | 32,152 |
| 7. Early Childhood Development | | | | | | | | | |
| Current payment | 121,785 | - | (5,180) | 116,605 | 114,203 | 2,402 | 97.9 | 106,553 | 98,749 |
| Transfers and subsidies | 227,864 | - | (2,141) | 225,723 | 225,390 | 333 | 99.9 | 196,479 | 196,479 |
| Payment for capital assets | 38,827 | - | (359) | 38,468 | 38,468 | - | 100.0 | 62,554 | 50,667 |
| | 388,476 | - | (7,680) | 380,796 | 378,061 | 2,735 | - | 365,586 | 345,895 |
| 8. Auxiliary and Associated Services | | | | | | | | | |
| Current payment | 127,064 | (42) | (866) | 126,156 | 123,902 | 2,254 | 98.2 | 119,987 | 118,936 |
| Transfers and subsidies | 8,315 | - | - | 8,315 | 8,067 | 248 | 97.0 | 5,460 | 5,451 |
| Payment for capital assets | 131 | 42 | (56) | 117 | 117 | - | 100.0 | 373 | 373 |
| | 135,510 | - | (922) | 134,588 | 132,086 | 2,502 | - | 125,820 | 124,760 |
| Subtotal | 13,377,152 | - | - | 13,377,152 | 13,361,153 | 15,999 | 99.9 | 11,998,212 | 11,955,743 |
| Add: Departmental receipts | | | | 9,893 | | | | - | |
| Actual amounts per Statement of Financial Performance (Total Revenue) | | | | 13,387,045 | | | | 11,998,212 | |
| Actual amounts per Statement of Financial Performance Expenditure | | | | | 13,361,153 | | | | 11,955,743 |

BEGROTINGSPOS 5
BEGROTINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Begroting per Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | |
|---|-------------------------|---------------------------|-----------------------|-------------------|----------------------|---------------|--|-------------------|----------------------|
| Ekonomiese klassifikasie | 2011/12 | | | | | | | 2010/11 | |
| | Aangepaste Begroting | Verskuiwing van Fondse | Fonds- verskuiwing | Finale Begroting | Werklike Uitgawes | Verskille | Uitgawes as % van finale begroting | Finale Begroting | Werklike Uitgawes |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Lopende betaling | | | | | | | | | |
| Vergoeding van werknemers | 10,131,650 | (122,704) | (9,461) | 9,999,485 | 9,997,071 | 2,414 | 100.0 | 9,198,930 | 9,193,265 |
| Goedere en dienste | 1,221,102 | 18,833 | (24,780) | 1,215,155 | 1,209,743 | 5,412 | 99.6 | 1,075,241 | 1,052,296 |
| Oordragte en subsidies | | | | | | | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 5,256 | - | - | 5,256 | 5,256 | - | 100.0 | 4,926 | 4,926 |
| Nie-wins-inrigtings | 1,279,017 | 83,912 | 28,202 | 1,391,131 | 1,389,926 | 1,205 | 99.9 | 1,169,972 | 1,168,002 |
| Huishoudings | 63,290 | 25,746 | (1,117) | 87,919 | 87,865 | 54 | 99.9 | 87,564 | 87,562 |
| Geskenke en donasies | - | 10 | - | 10 | 10 | - | 100.0 | - | - |
| Betaling vir kapitaalbates | | | | | | | | | |
| Geboue en ander vaste strukture | 615,439 | (1,551) | 5,493 | 619,381 | 612,467 | 6,914 | 98.9 | 437,693 | 425,806 |
| Masjinerie en toerusting | 55,486 | (2,226) | 1,663 | 54,923 | 54,923 | - | 100.0 | 18,708 | 18,708 |
| Sagleware en ander ontasbare bates | 2,000 | (150) | - | 1,850 | 1,850 | - | 100.0 | 4,183 | 4,183 |
| Betaling vir finansiële bates | 3,912 | (1,870) | - | 2,042 | 2,042 | - | 100.0 | 995 | 995 |
| Totaal | 13,377,152 | - | - | 13,377,152 | 13,361,153 | 15,999 | 99.9 | 11,998,212 | 11,955,743 |

**BEGROTINGSPOS 5
BEGROTINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

**Detail van program 1 - Administrasie
vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

| Besonderhede per Sub-program | 2011/12 | | | | | | | 2010/11 | |
